Patroon van gereg./ongereg. wat afsonderlike grondwoorde vertoon

	(1)	(2)	(3)	(4)	(5)
L:	+	±	±	-	±
F,A:	±	-	±	±	+
<u>Aantal grondwoorde:</u>	6	3	3	1 (WYS)	1 (LEES)

Dit is dus met enkele uitsonderings ((4) en (5)) waar dat 'n bepaalde grondwoord of dieselfde regulariseringspatroon by L en F,A het - vgl. (3) - of 'n patroon van meer regularisering by L as by F,A - vgl. (1) en (2). Dit kan as 'n impli-

kasionele verhouding vertolk word: ongeregulariseerdheid by L impliseer ongeregulariseerdheid by F,A (waarop (5) 'n uitsondering is) of geregulariseerdheid by F,A impliseer geregulariseerdheid by L (waarop (4) 'n uitsondering is).

Of ons dus bloot kyk na die relatiewe hoeveelheid regularisering (vgl. hoërop) of na die regulariseringspatroon (soos hierbo), bly dit (met die genoemde uitsonderings) waar dat L dieselfde of 'n groter neiging tot regularisering het as F,A.

Wat is nou die posisie van kategorie O t.o.v. L en F,A? As ons ons beperk tot gevalle waar die b.v.dw. sy verband met die stam behou, en ons kyk na die hoeveelheid regularisering en na die verspreiding van gereg. en ongereg. relatief tot L en F,A, dan kan ons konstateer dat O òf met L òf met F,A kan saamval, en oor die algemeen 'n soort tussenposisie inneem. By die grondwoord LOOP vind ons meer regularisering by O as by L; by BIND en SLAAN is O eerder met L as met F,A in ooreenstemming; by SPAN en TREK lê O tussen L en F,A; by NEEM, SKEI, WERP (maar net t.a.v. 1 token) en STRYK het O meer regularisering as F,A; by SKRYF en SLUIT is O in ooreenstemming met L sowel as F,A; wat GEE betref, stem O ooreen met F,A; wat HOU en VANG betref, is O meer in ooreenstemming met F,A as met L, en in die geval van BIED en DRYF het ons selfs minder regularisering by O as by F,A.

Dit sou nog beter wees om na relatiewe regularisasie binne afsonderlike stamme te kyk; die gegewens is egter te skraal om duidelike gevolgtrekkings te maak. As ons na spesifieke deelwoordsvorme kyk sonder om interne betekenisverskille in ag te neem, slegs na sistematies versamelde gevalle kyk en slegs na tokens met verband met die stam, dan vind ons dat die volgende pare gekenmerk word deur meer regularisasie by L as by F,A: gebind/gebonde, gebreek/gebroke, ingehou/ingehoue, gesplyte/gesplete en gevang/gevange; die omgekeerde vind ons egter ook, nl. in die geval van opoehef(-te)/opgehewe, gesluit/geslote, ingesluit/ingeslote en verwring/verwronge. Wat betref O is die gegewens te min om veel af te lei.

Samevattend kan gesê word dat regularisering, wat grondwoorde aanbetref, by L òf dieselfde omvang òf 'n groter omvang

aanneem as by F,A; O tree soms meer in ooreenstemming met L, dan weer meer in ooreenstemming met F,A op. Kyk ons na etamme, dan is hierdie regulariseringekontras nie meer so goed merkbaar nie, maar dit kan moontlik daaraan toegeakryf word dat te min materiaal gevind is.

4.2.3.1.4 Sinsnede met b.v.dw. en al figuurlik

Die b.v.dw. kan as afsonderlike woord 'n "letterlike" of "figuurlike" (om maar "oordragtelike" en "abstrakte" eers daar te laat) betekenis aanneem om by 'n bepaalde konteks te pas; so sal bederfde in samehang met vrugte "sleg, verrot" beteken, en in samehang met kind, "verwen". Hiermee saam kry ons die groter waarskynlikheid van bedorwe kind as bedorwe kind wat in die vorige par. geskets is. Dit lyk asof die skema hom op 'n skaal van "letterlik ... figuurlik" of "konkreet ... abstrak" by sy onmiddellike, veral naamwoorde-like, konteks aanpas.

Dit kom egter meermale voor dat die b.v.dw. en sy onmiddellike konteks op een vlak albei as letterlik en op 'n ander albei as figuurlik interpreteerbaar is (vgl. omringde gevalle in die tabelle), waar in die normale taalgebruik waarskynlik gewoonlik slegs die figuurlike interpretasie bedoel word, terwyl in die poësie moontlik albei interpreta-sies van belang mag wees.

Waar b.v.dw. én konteks figuurlik kan word, kan ons twee tipes onderskei. Sowel (a) as (b) hieronder,

- (a) die diep verborge strominge in haar wese (n55)
- (b) tant Kató, gebonde hand en voet (n82)

kan op een vlak as letterlik vertolk word (onsigbare strome, vasgebind) en op 'n ander as figuurlik (onwaarneembare gees-tesgesteldhede, gekompromitteerde posisie), maar met die volgende verskil: die woorde verborge en strominge het elkeen afsonderlik 'n potensieële letterlike en figuurlike dimensie, wat albei in vb. (a) in die spel kom: fisies verborge word geestelik verborge, fisiese strome word gees-telike strominge. "Letterlik" en "figuurlik" bly nog

leksikale verskynsels. By (b), daarenteen, het ons 'n metaforiese oorgang van "iemand wie se hande en voete letterlik vasgebind" is na "iemand wie se geestelike vryheid ingeperk word"; die sinsnede word in sy geheel figuurlik.

Nog 'n vb. van leksikale figuurlikheid, is:

- (c) net of daar 'n verborge, 'n onderdrukte vuur in hom brand (n51).

Oor die algemeen verwag ons dat by dié tipe die b.v.dw. meer geredelik ongereg. sal wees as in die geval van sy letterlike teenhanger.

In die metaforiese gebruik vind ons meermale dat die b.v.dw. juis gereg. is om aan te sluit by die letterlike vlak van interpretasie of selfs 'n brug te slaan tussen dié gedeeltes van die metafoor met 'n letterlike en dié met 'n figuurlike heenwysing, vgl.

- (d) 'n Mens is maar so by die wakker word - nog vas aan jouself gebind met die weefsels waarmee die slaap jou afgesonder het van alle lewendes (n72)
- (e) die lewensdraad in die oemens was ... so dun geslyt (n267)
- (f) die ou Josua wat met duisend onsigbare koorde van die hart en bloed aan sy volk verbind is (n76)
- (g) waar groot windmeulens ... met opgehefte arms staan (n139)
- (h) maar hy (= my sosiale lewe) is klein geskryf (n210)
- (i) hy (= IEM) sit daar op haar voorkop geskryf, arme ding (n211).

Die volgende voorbeeld is juis ongereg. in ooreenstemming met die gewone oordragtelike gebruik:

- (j) sy whisky-aangedrewe bedwelming (n127).

In die voorbeelde

(k) Ek is ... aan U wil gebind/(r) aan 'n dun draadjie garing (n68)

(l) die duisternis gebreek/deur Hande (n96)

dien die gereg. b.v.dw. as oorgang tot die "letterlike gedeelte" van die metafoor, wat in hierdie gevalle volg op die gedeeltes met primêre figuurlike heenwysing.

Die voorbeeld

(m) die gensbok,/oordware, gebreek, stil tussen die polle (n94)

uit Raka, beweeg primêr op die letterlike interpretasievlak, maar het in sy geheel meer-as-fisiese implikasies vir sy wyere konteks. Hierdie soort heenwysing is baie minder subtiel - en ons vind dan ook 'n ongereg. b.v.dw. - in

(n) selfs eng'le dek hul aangesig,/aanbiddend neergeboë/(r) (n108).

4.2.3.1.5 Vaste uitdrukkinge

In aansluiting by die voorgaande paragraaf kan daarop gewys word dat dit meermale voorkom dat die tipe sinenedes wat in hulle geheel figuurlik word, en met name die metaforiese tipe, verstar het tot vaste uitdrukkinge (vgl. die gevalle in vierkantjies in die tabelle), maar dan meestal met 'n ongereg. b.v.dw.³⁸⁸ waar in die nie-verstarde letterlike gebruik regularisering moontlik sou gewees het, vgl., uit die alledaagse spreektaal: 'n gebroke (t.o. gebreekte) riet; 'n gegewe perd in die bek kyk (waar gegewe normaalweg te "styf" is vir die alledaagse spreektaal); deurstoke kaarte; geswolle hoofde; gevalle helde; die stryd gewonne gee, en in parlementêre taal: met geslote deur(e). Geregulariseerd vind ons dit bv. in: 'n holrug geryde gemeenplaas; iem. is nie op sy mond geval nie.

B.v.dwe. in vaste uitdrukkinge is normaalweg behoudend t.a.v. regularisering, meer as wat hulle normaalweg sou gewees het. Vgl. gebore Afrikaner, gebroke werklikheid,

gegote yster (let.), gekose komitee, in die lewe geroepe, geskrewe woord, figuurlik/prakties/menslik gesproke, gespraake woord, uitgestorwe boedel, gevang neem/hou, oorwoë mening. Maar: makliker gesê as gedoen kom voor, en naas in ag genome, is in aanmerking geneem gevind, en naas in gedagte versonke ook ... versink.

4.2.3.1.6 Gemoedstoestandsdeelwoorde

B.v.dwe. (sommige van hulle waarskynlik b.nwe.) wat 'n gemoedstoestand (meer bepaald 'n vorm van nie-neutrale emosionaliteit) by 'n lewende wese uitdruk (vgl. die simbole wat in die tabelle met 'n asterisk gemerk is) en dikwels maar net een of twee van die baie deelwoordelike vorme uitmaak wat 'n grondwoord kan aanneem, is in die reël ongereg., vgl. neergeboë, verbete, ont-/aangedaan, selfvolgaan/-dane, onbedwonge, ingehoue (veral as byw.), ver-/uitgelate, ingename, opgenome, vasberade, besete, verslae, vasbeslote, ont-/gespanne, ontstoke, terug-/afgetrokke, paniek-/angs-/skrik-/vreesbevange, bewoë, opgewonde en, in soverre ons kan praat van gemoedsverandering, beskonke en besope. As gereg. vorme is net gevind verskrik(-te), wat egter in Ndl. swak kan wees, en geskrik in "Hy sal so lam geskrik wees dat hy nie kan stoel nie" (H31), en, naas gebroke, eenmaal gebreek waar die gemoedstoestand miskien 'n blote bybetekenis is: "Geknak deur hierdie land, gebreek deur hom" (n97). Vgl. hierby ook die s.nwe. gebrokenheid, aangegegrepenheid, (uit-)gelatenheid, ingenomenheid, vasberadenheid, verslaenheid, besopenheid, afgetrokkenheid, bewoëheid en opgewondenheid. (Let daarop dat sommige woorde in een konteks 'n gemoedstoestand aandui, in 'n ander miskien nie).

4.2.3.1.7 Sintaktiese kontekste

4.2.3.1.7.1 Hoofkonteksgroepe

Net soos in die geval van par. 4.2.3.1.3 hierbo, word hier ook die gegewens in par. 4.2.3.1.2 as uitgangspunt geneem. Slegs gevalle wat die verband met die stam behou, word in ag geneem, en die kontekste op die volgende wyse vereenvoudig:

1-4 tot een groep, met die frekwente postnominale gevalle, en 5-9 tot een groep, waar veral prenominaal gevalle goed verteenwoordig is. Dit blyk dat daar - wat types en tokens, gesamentlik bekyk, betref, soms eweveel regularisering in die twee kontekste is, nooit meer regularisering by 5-9 as by 1-4 nie, en meer regularisering by 1-4 as by 5-9 in die geval van BEDERF, BIED, BIND, DRYF, DINK, DWING, GEE, HOU, KIES, LEES, LOOP, NEEM, SKRYF, SLUIT, STRYK, TREK en WYS.

Bekyk ons die regularisering uit die oogpunt van die tipe verspreiding wat voorkom, dan vind ons die volgende:

<u>Konteksgroep:</u>	<u>1-4</u>	<u>5-9</u>	<u>Grondwoorde</u>
	+ gereg.	- gereg.	BEDERF, HOU, LOOP, SKRYF
	± "	- "	BIED, BIND, DRYF, DWING, GEE, HEF, STRYK, WYS
	+ "	± "	KIES, LEES, NEEM
	± "	± "	BREEK, BUIG, DUK, SKEI, SLUIT, SPAN, TREK, VANG, WERP
	- "	± "	geen gevalle
	± "	+ "	geen gevalle

Hier is die verhouding sonder uitsondering implikasioneel van aard: ongereguleerdheid by 1-4 impliseer ongereguleerdheid by 5-9, of gereguleerdheid by 5-9 impliseer ongereguleerdheid by 1-4.

Ons kan ook hier na die stamme kyk. By die stamme waar 'n vergelyking moontlik is, kry ons ook hierdie implikasionele verhouding, met die uitsondering van gebreek(te)/gebroke, aangegetrek(te)/aangegetrokke (egter met duidelike betekenisverskil, sodat dit hier om homonieme gaan) en: gevang/gevange. Duidelik in ooreenstemming met die implikasionele verhouding, is bv. bederf, bederwe, bederfde/bederwe, verbied/verbode, gebuig, gebuigde/geboë, oordryf/oordrewe, opgehef(-te)/opgehewe, gekies/gekose, geneem/genome, geskei(-de)/geskeie, geskryf, geskrywe/geskrewe, voorgeskryf, -geskrywe/voorgeskrewe, omskryf, -we/omskrewe, gesluit/ge-slote, ingesluit/ingeslote, afgesluit/afgeslote en aangewys/aangewese.

4.2 3.1.7.2 Die kontekste afsonderlik

Vervolgens kan die omvang van die regularisering in die verskillende sintaktiese kontekste in meer besonderhede nagegaan word. Uit die grondwoordtabelle in par. 4.2.2.3 hierbo blyk duidelik dat verreweg die meeste types en tokens wat ons in kontekste 1-4 vind, in konteks 1 - b.v.dw. + 'n vorm van wees as koppelww. - aangetref word, en verreweg die meeste wat ons in kontekste 5-9 vind, in konteks 5a - preminale b.v.dw. sonder bepalende bywoord of voorsetsgroep - aangetref word. Ons kan dus aanneem dat wat hoër op i.v.m. konteks-groepe 1-4 t.o. 5-9 bevind is, waarskynlik ook vir konteks 1 t.o. 5a sal geld; dié twee kontekste word dus nie verder ondersoek nie. (Konteks 10, afgeleide s.nwe., kom in par. 4.2.3.1.8 hieronder aan die orde, en in konteks 11, dié van die voegwoord, is slegs aangesien - 69x - aangeteken). Ons kyk vervolgens na regularisasie in die kleiner kontekste: 2, 3a, 3b, 4a, 4bi, 4bii, 4c, 4d, 5bi, 5bii, 6, 7, 8a, 8b en 9. Weer eens word net die sistematies versamelde gevalle betrek, maar omdat daar so min voorbeelde is, word dié wat nie 'n verband met hulle stam het nie, ook betrek. Konteks 2, koppelwe. wat nie 'n vorm van wees is nie, kom verderaan afsonderlik aan die orde.

Kleinere sintaktiese kontekste

Konteks	<u>Gereg.</u>			<u>Ongereg.</u>		
	<u>Types</u>	<u>Tokens</u>		<u>Types</u>	<u>Tokens</u>	
		<u>Verband met stam</u>	<u>Geen verband met stam</u>		<u>Verband met stam</u>	<u>Geen verband met stam</u>
2	27	39	1	35	35	65
3a	9	9	2	18	8	25
3b	0	0	0	1	0	1
4a	5	5	0	5	3	4
4bi	11	13	0	13	5	12
4bii	39	49	0	9	6	16
4c	21	18	4	14	8	14
4d	24	31	0	6	4	2
5bi	4	4	0	18	10	11
5bii	2	2	0	3	3	0
6	6	10	0	5	4	3
7	1	1	0	3	3	16
8a	1	1	0	3	6	1
8b	2	2	0	1	1	0
9	1	0	2	25	14	23

Wat hier veral opval, is dat ons meer ongereg. as gereg. gevalle kry in kontekste 2 (ander koppelw. as wees), 3a (bepaling van gesteldheid), 4bi (postnom. b.v.dw. met bywoord - ofskoon die verskil hier nie so groot is nie), 5bi (prenom. b.nw. met byw.) en 9 (bywoord), en meer gereg. as ongereg. in die uitgebreide postnominale kontekste van 4bii, 4c en 4d. Hierdie feite moet nog verklaar word. Let ook op dat 4bi meer ongereg. is as 4bii, 5bi meer as 5bii en 8a meer as 8b.

Die voorsetsels/voorsetseluitdrukkings in 8a is ingesluit, inbeerepe (van), vergeleke (met/by) (5x) en uitgeslote. Die agtersetsels is in-/uitgesluit en ingeslote. Dit is opvallend dat ons in die voorsetseluitdrukking altyd die ongereg. vorm het. Slegs vorme van die grondwoord SLUIT tree hier op as suiwer voor- of agtersetsel³⁸⁹, en kan as voor- of agtersetsel gereg. of ongereg. wees.

4.2.3.1.7.4 Oorganklikheid

By oorganklikheid/onoorganklikheid gaan dit om die verhouding tussen die b.v.dw. en die s.nw. waarop hy sou slaan in sy stamvorm, of dit nl. 'n verhouding is van ww.-voorwerp of van onderwerp-ww., onderskeidelik. Refleksiewe wwe. is vir die doel van die tabelle as oorganklik beskou. Vir , gegewe grondwoord, bv. BIND, kan sommige stamme oorganklik en ander onoorganklik wees, vgl. vasgebind en ontbonde (lyk), onderskeidelik. Vir sommige b.v.dwe. kan dit moeilik of onmoontlik wees om in 'n bepaalde geval te bepaal of hulle oorganklik of onoorganklik is (vgl. geboë skouers, vertrekte gesig, skeefgetrekte oë); in ander gevalle is verdere gegewens uit die nie-onmiddellike konteks deurslaggewend, vgl. oorgebuigde garingboomblad, gebreekte eierdoppe.

Met die uitsondering van sekere grondwoorde, soos BLY, LÊ, SIT, STERF en WEES, waar alle opgetekende voorbeelde ongereg. was, is daar geen verband tussen (on-)oorganklikheid en (on-)geregulariseerdheid nie. Wat ander grondwoorde betref wat soos bust. ook uitsluitlik onoorganklik is, vind ons dat SINK en VAL oorwegend ongereg. is; dat LOOP, RYS, SLAAP en VERDWYN ongereg. of gereg. kan wees; dat SLYT en SWEL oorwegend gereg. is en dat die enkele voorbeelde by GLY, KLINK en STYG uitsluitlik gereg. is. By grondwoorde met sowel oorganklike as onoorganklike stamme vind ons dat die onoorganklike gevalle gereg. of ongereg. kan wees, vgl. TREK en VRIES. By STRYK is 'n duidelike korrelasie aangetref: oorganklik = gereg., onoorganklik = ongereg. Ofskoon nie statisties bepaal is of onoorganklike gevalle meermale ongereg. is as oorganklike gevalle nie, is dit tog duidelik dat onoorganklike b.v.dwe. wel deeglik gereg. sowel as ongereg. kan wees (wat ook die groot meerderheid van oorganklike b.v.dwe. geld). (In bust. konstatering is ook onsistematies versamelde gevalle in ag geneem).

Nou is dit egter opvallend dat daar stamme is, veral Ndl. mutatiwe stamme, waarvan die b.v.dwe. in Afr. nie postnominaal kan voorkom nie, en wat prenominaal slegs ongereg. is, vgl. herrese Heiland, verrese mummie, verdwene skat, aqtergeblewe weduwee, pas verskene boek, onbegonne

werk, besweke pasiënt, gebleke oorsake, verbygeqane weke, aangekome vlugteling, gestorwe eggenoot, gevalle vliegtuig, uitgeweke koerantman, uitgerewe boek, nabygeleë plaas, gewese premier en gesete voorsitter. Juis in hierdie groep vind ons b.v.dwe. wat nie na aan die alledaagse spreektaal staan nie. Sommige van hierdie gevalle behoort tot die onoorganklike grondwoorde (hoërop genoem) wat uitsluitlik of oorwegend ongereg. is. Aangesien die geringe mate van regularisering by hierdie groep stamme 'n belangrike rol speel in die teoretisering hieronder, word nou spesiaal gekyk na onoorganklike stamme in die getabuleerde materiaal.

Die verwagting (vgl. par. 4.2.3.2.3 hieronder) is dat 'n gegewe prenominaal b.v.dw. slegs geregulariseer kan word as dit postnominaal - veral in kontekste 1-3 - gereg. voorkom, en dus dat ons - as die geëksperpeerde materiaal volkome verteenwoordigend is van die gebruik (wat dit nie is nie) - òf prenominaal sowel as postnominaal regulariserings, òf nóg 'n prenominaal, nóg 'n postnominaal regularisering sal aantref. Die materiaal blyk dikwels met hierdie verwagting ooreen te stem. Prenominaal sowel as postnominaal regulariserings vind ons by onthonde, gebroke, -gelope, versonke, geskeie, geswolle, saamgetrokke (as ons toe-/inmekaargetrek in ag neem) en gewese. Slegs prenominaal regularisering is aangetref maar postnominaal regularisering kan as waarskynlik beskou word in die geval van bedorwe, opgeblase, uitgeslape, verslete (vgl. geslyt) en ontstoke, terwyl slegs postnominaal regularisering aangetref is maar prenominaal regularisering as waarskynlik beskou kan word in die geval van omgeslane en bevrore. Nóg prenominaal, nóg postnominaal regularisering is aangetref of waarskynlik in die geval van die volgende: oorgeblewe, heen-/onder-/verby-/verlore-/voorafgeqane en verqane, aangekome, -geleë, her-/verrese, besete, verskene, opgestane, -gestorwe, gevalle³⁹¹ en (pas-/on-) verstreke. Die gevalle hierbo was òf as onoorganklik, òf as onoorganklik of oorganklik te interpreteer. Hierdie patroon is egter nie tot dié kategorie beperk nie: gebore en nuut-/nooit-gevonde is albei oorganklik, maar regularisering is nóg prenominaal nóg postnominaal waarskynlik.

4.2.3.1.8 Morfologiese faktore

Die verskillende morfologiese kontekste waarin die b.v.dw. voorkom, het 'n duidelike invloed op die regularisering al dan nie daarvan. Ons kyk agtereenvolgens na die invloed van voor- en agtervoegsels, van 'n verbinding van die v.dw. met voorsetsets, bywe./b.nwe. en s.nwe.

Wat hieronder as voorvoegsels beskou word (-ge word buite rekening gelaat), is almal woorddele wat (met die uitsondering van on- en vol-) sonder die tussenkoms van -ge-, maar met die moontlike tussenkoms van 'n ander voorvoegsel (in 'n enkele geval om-), aan die stam gekoppel word. In die geval van die meeste voorvoegsel-types is die b.v.dw. oorwegend of uitsluitlik ongereguleerd, wat miskien saamhang met die feit dat deur die hegte koppeling 'n nuwe eenheid ontstaan wat feitlik 'n nuwe stam in sy eie reg is.

Na on-(ge-/ver-/om-) is die v.dw.-stam byna altyd ongereg., vgl. onbedorwe, ongebroke, ongeboë, ongedaan, ongesiene, ongeskonde, onverskrokke en onomstrede. In die volgende gevalle tree -ge- nie op nie: Na be-, waar die gedeelte na be- soms nie 'n selfstandige stam kan wees nie, is die b.v.dw. oorwegend ongereg., vgl. bedroë, aanbevole (x aanbeveel), bedolwe, bedrewe, begrepe, behoue, bekrompe, belese, bloedbelope, berede, vasbeslote, besope, betrokke, besonge, bewese, (paniek-)bevange, -beskrewe (x beskryf/beskrywe), (fyn-)besnede (x besny), bevrore (x bevroers) en, waarskynlik a.g.v. enduit gevoerde regularisering, slegs (vrees-)belaaide. Na onbe- is die stam dan ook byna altyd ongereg., vgl. onbegonne, onbesonne, onbedrewe, onbedwonge (x onbedwing), onbeholpe, onbekrompe, onbesproke en onbewoë.

Daar is min gevalle gevind met her-, vol-, oor- en onder- voor die stam, sodat daar min sekerheid oor hulle invloed bestaan. Wat wel gevind is, is dat die stam na her- en onder- altyd ongereg. is, vgl. herrese en herwonne, en onderbroke, sleg-onderhoue en onderskeie. Die stam is oorwegend (as ook token-getal in aanmerking geneem word) ongereg. na oor- en vol(ge-), vgl. oordrewe (x oordryf), oortrokke (x oortrek, boomoortrekte), oorwoë (x oorweegde), maar slegs oorlaaide, en (self-)voldane, volgehoue, volprese, volsonge,

volwasse, voltrokke (x voltrek), maar slegs volgelaai. Kombinasies van bost. voorvoegsels lewer onvolprese, onoortroffe, ononderbroke en onvoldane.

Daar is egter geen aanduiding dat ver-, wat taamlik frekwent is, en ont-, wat 'n paar maal voorkom, neig om stamme gereg. of ongereg. te maak nie, vgl. verberg x verborge, verbied x verbode, verbind x verbonde, verbreek x verbroke, ens., en ontbinde x ontbonde, ontslane, ontslape, ontspanne, ontsteekte x ontstoke, ontwerp(te).

Die verbinding van v.dw. met agtervoegsel is blykens die optrede van verbindingsklanke nog hefter as in die geval van voorvoegsel + v.dw., en regularisering is hier 'n seldsaamheid. 'n Uitsondering is v.d.wa. met -(d)e/- (t)e, wat egter in par. 4.3.13 hieronder saam met die swak v.d.wa. behandel word. Wat hier behandel word, is konteks 10 van die tabelle; die resultaat is in alle gevalle 'n s.nw., al is die agtervoegsel soms Ø, vgl.:

- (a) -ne(s), bv. eersgeborene, afgestorwene, gevangene, oorwonnene, uitgeworpenes (en met sinkopee: verloorne)
- (b) -n+heid/hede, bv. verborgeneid/-hede, geborgeneid, onbesonnenheid, gebondenheid, afgeskeidenheid
- (c) +Ø/(n)s: gegewe(ns), afgetrede, geskeie(s) (En met die stamvorm van die ongereg. v.d.w., maar nie in dié vorm self 'n v.dw. nie: aftrede, hertoetrede)
- (d) geïsoleerde gevalle: gevangen(e)skap, ontvanqenis, vergetenheid, ontlading/ontlaaling, lg. die enigste gereg. vorm. In die meeste gevalle is die betekenis figuurlik of abstrak en is daar 'n ongereg. v.dw. opgeteken met dieselfde of ongeveer dieselfde figuurlike of abstrakte betekenis. Uitsonderings is lyf-geboënhed wat in sy geheel fig. is maar letterlik in sy onderdele, gevallenes wat ook as oordragtelik geïnterpreteer is en ingesetenes wat letterlik is, maar waar eintlik insittendes bedoel word (vgl. die grondwoordtabelle).

Omdat die stam by bostaande afleidings byna altyd ongereg. is, is dit waarskynlik dat die inlaute -d- van afgeskeidenheid eerder 'n refleks van die Ndl. -d- is as 'n invoeging na

analogie van afgeskeide. In geval van gereg. ontlaaiing (wat by dieselfde skrywer: belide teksgedeelte afwissel met ontlading) kan daarop word dat die betekenis oor-dragtelik (en in elk geval skreë) is en dat belade/gelade glad nie as v.d.w. opgeteken is nie.

Na voorsetsels, soos oor-, af-, aan-, uit-, op- en in- (almal + -ge-) ens. wat elk meermale voorkom, is daar geen duidelike voorkeur vir 'n gereg. of ongereg. stamvorm nie, vgl. uitge-sluit x uitgeslote, ingeslaande x ingeslane, voorgeskrewe x voorgeskrewe, aangeneem x aangenome, ens.

B.nwe./bywe. wat met v.d.w. komposita vorm (met -ge- as verbindingsvorm), is o.m. vas-, toe-, saam-, omhoog-, vol-, terug-, ineen-, hoog-, diep-, dood-, wel-, heen-, verlore- en heelwat ander; nêrens is egter meer as drie voorbeelde van verbinding met een van hulle gevind nie. Die stam kon vir die groep as geheel gereg. of ongereg. wees, sodat nóg afgelei kan word dat b.nw./bywe. regularisasie bevorder, nóg dat hulle dit inhibeer. Die verbinding van sekere b.nw./bywe. met (sekere?) v.d.w. wat andersins gereg. of ongereg. kan wees, maak hulle skynbaar verpligtend gereg., vgl. vasgebind (*vasgebonde, ens.), doodgebinde, krom-/, terugge-buigde, dik-/leeggedrink, teruggedwing en seergekryde, bevrore x vasgevries (Lo78). Die eenheid wat so tot stand kom, is meermale letterlik of oordragtelik. Ook in die geval van figuurlike gebruik, soos in "Die koms van Christus is onlosmaaklik vasgebind aan die geskiedenis van" (Dal3), moet die gereg. vorm noodwendig volg as die vas- vorm gebruik word.

Waar 'n s.nw. die eerste lid is van 'n kompositum wat verder nog uit -ge+v.d.w. bestaan, is in die geval van die opgetekende voorbeelde gevind dat die v.d.w. in ongeveer driekwart van die gevalle (tokens) ongereg. is, bv. tydgebonde, kern-aangedrewe, noodgedwonge. Die gereg. types was oliegebinde, vrees-/goudbelaaide, sonbeskrynde, keelafgesny, masjien-draadgesnyde, olie-deurtrekte, boomootrekte en rek-/goud-deurweefde. (Die ongereg. v.d.w. van WEEF en SKYN het waar-skynlik heel seldsaam geword in mod. Afr.).

Die samestellings met 'n s.nw. kan gerangskik word in tipes met 'n toenemend ingewikkelde sintaktiese verhouding tot die

dieptestruktuur waarvan hulle afgelei sou kon word, wat egter onwaarskynlik is omdat daar by sodanige afleiding inligting (veral uitgedruk d.m.v. voorsetsels) verlore moet gaan. Die volgende voorbeelde illustreer die eenvoudigste verhouding tussen samestelling en parafrase.

tyd(a)gebonde	:	<u>aan</u> tyd gebonde
olie-gebinde	:	<u>met</u> olie gebinde
ligverdronke	:	<u>in</u> lig "verdrink"
God-verkote	:	<u>deur</u> God verkies

'n Bietjie ingewikkelder is die verhouding wat die volgende kenmerk:

aardgebonde	:	<u>aan die aarde</u> gebonde
lotsgebonde	:	<u>aan dieselfde</u> lot gebonde
kragaangedrewe	:	<u>deur masjienkrag</u> aangedryf
kernaangedrewe	:	<u>deur kernkrag</u> aangedryf
spuitaangedrewe	:	<u>deur uitspuiting</u> aangedryf
vierwiel-aangedrewe	:	<u>deur vier wiele</u> aangedryf
handgeskrewe	:	<u>met die hand</u> geskryf
keelafgeany	:	<u>met die keel</u> afgeany

Selfs nog meer idiosinkraties is die verhouding in

selfgekoos	:	wat dit self so verkies het
goudbelaaide	:	soos met goud belaaï
politiek-omstrede	:	omstrede op die gebied van die politiek
whisky-aangedrewe	:	gemotiveer deur whisky soos 'n voertuig deur brandstof aangedryf word (metafoor)

Oorsigtelik kan daarop gewys word dat ons in verbindings van die v.d.w.-stam met voor- maar veral met agtervoegsels 'n sterk neiging tot die behoud van die ongereg. vorm kry; verbinding met die voorvoegsel gee aanleiding tot die vorming van nuwe stamme en verbinding met die agtervoegsel (-de/-te uitgesluit) tot die oorgang tot 'n ander woordsoortelike klas. In die geval van komposita kry ons 'n lossere morfologiese

binding, maar waar die eerste lid 'n s.nw. is, word, blykens die verlies van voorsetsels e.d.m., 'n nuwe woordeenheid gevorm, en kry ons oorwegend angereg. vorme. Die behoud van ongereg. vorme in albei gevalle hang dus moontlik saam met die morfologiese of sintaktiese intograsie van die v.dw. in nuwe woordeenhede.

4.2.3.1.9 Enkele fonologiese kwessies

Dit blyk uit die opgetekende voorbeelde dat die keuse tussen stemlose /t/ in -te en stemhebbende /d/ in -de, vir die geskrewe taal altans, dieselfde reëls gehoorsaam as in die geval van swak v.d.we. Die twee uitsonderings wat in die tabelle opgeneem is, is van Hauptfleisch afkomstig, nl. opgeblaaste (x self opgeteken: oorgeblaasde) en volgesuipde. Vgl. par. 4.3.13 hieronder.

Vorme soos die volgende verskil van Ndl. slegs deur die toepassing van ainkopeereëls, wat ook buite die v.dw. werk-saam was: bedroë, -geboë, bewoëheid, -gedrae, -geslae, völ-/ont-/verslae, veraweë, -vervloë, -ge/be-/oorwoë en geskeie naas geskeide. In lg. geval het ons waarskynlik 'n nuwe vorm, uit geskei+de. (Oor die -d- van afgeskeidenheid, vgl. die vorige par.).

Sekere stamme het vroeg reeds apokopee van /f/ en /x/ ondergaan, met as refleksie vorme soos lê, gee, dra, bly en kry, asook ry, waar ryg egter vandag die bekendste is (vgl. nog "ry of rye of ryg" in die 1964-Woordelys). In 'n advertensie uit 1925 vind ons deurgery naas deurgeryg (n191). Ofskoon ten minste -gelêde, -gedrade en -gekryde aanvaarbare spreektaalvorme is, kom hulle nog min op skrif voor; seer-gekryde agterpootjie is wel by Langenhoven (La48) gevind. Die vorme wat origens aangeteken is, af-/ingedraagde (by Hf en St), kan as halfgeregulariseerde vorme beskou word; vorme van dié tipe, bv. ook gelegde, mag vir baie taalgebruikers blote geskrewe taalvorme wees.

'n Egte halfgeregulariseerde vorm of fonologiese tussen-stadium in die sin van gedronk en gestool van hoofstuk 3, al het dit moontlik vandag nie meer verband met die stam nie (en miskien juis om hierdie rede die /ə/ analogies verloor),

is opgeskoot (t.o. die bekende opgeskote) in postnominale funksie. Die getabuleerde vorm, afkomstig uit die spontane gesproke korpus (SPK)³⁹² is van 'n dame uit die ouderdomsgroep 55-60 jr., afkomstig uit Noord-Kaapland. Dit is ook opgeteken uit 'n manuskrip uit 1943 van 'n sestigjarige. Ons tref hierdie vorm moontlik ook in die Karoo³⁹⁴ en Suid-Kaap³⁹⁵ aan. Die enigste ander halfgeregulariseerde vorm wat opgeteken is, is verdwyne (naas verdwene). Omgedolfde (naas omgedolwe en gedelfde, lg. met betekenisspesialisasie) is die v.d.w. van omdolwe, en as sodanig slegs 'n skynbare tussenvorm. Ons kan aanneem dat fonologiese tussenstadia by die byvoeglike — anders as by die werkwoordelike — v.d.w. 'n besonder seldsame verskynsel is.

Die volgende is nog enkele geïsoleerde gevalle: Langenhoven laat die afslaer "Drie pond gebooie" (bl. 93) en "tien pond is gebooie" (bl. 96) sê, met palatalisering wat korreleer met die slot-/t/-verlies by bie. (Dié v.d.w. mag werkwoordelik wees). By Malherbe vind ons voldra (Ma16) en volgedrae (Ma30), i.p.v. die verwagte voldrae, e.g. waarskynlik a.g.v. die geringe of nie-bestaande uitspraakverskil tussen slot-a en -ae. Bedrooge is ('n transkripsie) uit die HK; die klank [g] word vermoedelik bedoel (n37). (Vgl. ook ge-/verborge en afleidings). Verloorne (Gs5:4) het sinkopee ter wille van die sangritme. Halfslýt is 'n bekende vorm. Marais het die /e/-vorm in verbleekte geraamtes³⁹⁶ t.o. die pv. verbleik (EN27).

Ten slotte kan gewys word op die nie-bestaan, moontlik om fonologiese redes, van vorme soos *bederwede en *geskrywede (t.o. bederf/bederwe en (ge-)skryf/-skrywe), wat die paradigmas onsimmetries maak en 'n geringe historiese komplisering van die grammatika verteenwoordig.

4.2.3.1.10 Vergelykend en opsommend

As vernaamste bevindings kan hier genoem word die implikasionele verhoudings waarvolgens letterlik gebruikte v.d.w. dieselfde hoeveelheid of meer regulisering het as figuurlik of abstrak gebruiktes (vgl. par. 4.2.3.1.3) (bloot 'n bevestiging van Hauptfleisch se bevinding) en v.d.w. in kontekste

1-4 meer regularisering het as v.d.w.e. in kontekste 5-9 (vgl. par. 4.2.3.1.7.1).

Ons kan die grondwoorde wat meer regularisering in die een kategorie as die ander het, in drie groepe verdeel:

- (a) Meer regularisering vlg. die semantiese implikasionele verhouding: BERG/BÊRE, BREEK, BUIG, HEF, SLAAN SPAN, VANG.
- (b) Meer regularisering vlg. die sintaktiese implikasionele verhouding: BEDERF, BIED, DINK, DWING, GEE, KIES, LEES, LOOP, NEEM, SKRYF, SLUIT, STRYK, WYS.

Dan is daar enkele grondwoorde met

- (c) meer regularisering volgens albei implikasionele verhoudings: BIND, DRYF, HOU, TREK.

Uit die oogpunt van stamme bekyk, laat die gegewens ons hoogstens in die geval van ingehou(e) toe om te praat van meer regularisering in albei kategorieë.

Enkele verdere gevolgtrekkings was die volgende: B.v.d.w.e. wat hulle verband met hulle stam verloor het (en dus b.n.w.e. genoem kan word) is gewoonlik ongereg.; daar is egter gevalle gevind waar regularisering wel plaasgevind het, soos aangeskryf en aangewys en 'n aantal ander gereg. gevalle waar die verband met die stam in die weegskaal is (par. 4.2.3.1.1). Wat geregulariseerdheid betref, kan oordragtelik gebruikte v.d.w.e. wissel van ooreenstemming met letterlik gebruikte gevalle tot ooreenstemming met figuurlik of abstrak gebruikte gevalle (par. 4.2.3.1.3). Waar die sinsnede in sy geheel figuurlik word, kan onderskei word tussen gevalle waar die v.d.w. in die s.nw. afsonderlik figuurlik word - waar die v.d.w. neig om ongereg. te wees - en gevalle waar die sinsnede in sy geheel 'n figuurlike duiding kry - waar die v.d.w. dikwels gereg. is en hierdeur soms as verbindende faktor tussen die twee vlakke van 'n metafoor fungeer (par. 4.2.3.1.4). In vaste uitdrukkings is die v.d.w. meestal ongereg. (par. 4.2.3.1.5), terwyl v.d.w.e. wat 'n gemoedstoestand uitdruk, in die reël ongereg. is (par. 4.2.3.1.6). Wat die kleiner sintaktiese kontekste betref, kan gekonstateer word dat die v.d.w. oorwegend (en soms uitsluitlik) ongereg. is in 2,3a,

4bi,5bi,8 (veral t.a.v. voorsetseluitdrukkings) en 9, en oorwegend gereg. in 4bi1,4c en 4d (par. 4.2.3.1.7.2). Wat afsonderlike koppelwwe. betref, blyk die v.dw. by voorkeur gereg. te wees by hê en staan, en ongereg. by bly en voel. Indien die koppelwwe. in semantiese groepe verdeel word, blyk die v.dw. ongereg. te wees by dié wat as "perseptueel" en "objektief" beskryf kan word, terwyl dit ongereg. of gereg. kan wees by koppelwwe. van die ander tipes (par. 4.2.3.1.7.3). Daar is met verwysing na v.dw.-stamme bevind dat daar 'n aantal oorwegend onorganklike, dikwels met latiewe prenominaale v.dwe. is wat slegs ongereg. voorkom en, in samehang daarmee, postnominaal nie gereg. voorkom nie (par. 4.2.3.1.7.4). V.dwe. wat 'n noue morfologiese samehang met voor- en agtervoegsels het of saam met s.nwe. komposita vorm, is oorwegend of uitsluitlik ongereg. (par. 4.2.3.1.7.5). Daar is op fonologiese vlak gevind dat v.dwe. in vergelyking met die Ndl. vorm - uitgesonderd gevalle wat aan die algemene prosesse van sinkopee en apokopee onderhewig was - in Afr. byna nooit in gedeeltelik gereg. vorm voorkom nie; enkele uitsonderings is opgeskoot (wat blykbaar in verskillende dele van die land voorkom) en verdwyn (par. 4.2.3.1.9).

4.2.3.2 Enkele teoretiese oorwegings

4.2.3.2.1 Inleidend

Dit is veral die verskynsels wat in die vorige par. opgesom is, waarvoor 'n verklaring gesoek moet word, en met name vir die implikasionele verhoudings wat aangetoon is. Meer as een hipotese, o.m. 'n gevestigde transformasioneel-generatiewe hipotese, word hieronder in oorweging geneem; die hipoteses staan nie los van mekaar nie, maar is in 'n hoë mate onderling oorvleuelend. Die sintaktiese gegewens kan beskou word as 'n bevestiging van die betrokke sinchroniese TG hipotese, vir sover dit op v.dwe. van toepassing is, op grond van diachroniese gegewens.

Een van die hipoteses, wat reeds in hoofstuk 3, par. 3.8.2, hierbo uiteengesit is en hoofsaaklik van Ross afkomstig is, lui dat die verskillende woordsoorte nie kwalitatief

skerp van mekaar geskei is nie, maar, as allerlei kriteria op hulle toegepas word, 'n soort skaal of kontinuum vorm wat strek van die werkwoordelike stam of persoonsvorm, aan die een kant, tot by die s.nw., aan die ander kant. Ross stel die volgende volgorde vir Eng. voor:

Verb > Present participle > Perfect participle >
 Passive participle > Adjective > Preposition (?) >
 "adjectival noun" (e.g. fun, snaf) > Noun³⁹⁷.

Terwyl hierdie hipotese heelwat verskynsels in die diachronie van Afr. (en met name die ww.-stelsel) kan verklaar, het dit die groot nadeel dat die noodwendigheid van die hipotese self nog nie voldoende opgehelder of verklaar is nie. Ek gaan kortliks na hoe sommige van die verskynsels wat in par. 4.2.3.1 hierbo beskryf is, met Ross se hipotese versoenbaar is.

As ons in ag neem dat die ww.v.dw. (bv. gebreek) feitlik altyd gereg. is, dat die b.v.dw., wat volgens Ross se skaal meer naamwoordelik is, dikwels gereg. of ongereg. kan wees (bv. gebreek(te) x gebroke) terwyl die departisipiële s.nw. byna altyd ongereg. is (bv. gebrokenheid), dan lyk dit waarskynlik dat daar 'n korrelasie is tussen "behoud van ongeregulariseerdheid", en "graad van naamwoordelikheid" soos Ross dit bedoel. 'n Belangrike waarneming waarvan rekenskap gegee moet word, is nou dat die b.v.dw. van BREEK postnominaal (bv. in Haar hart is gebreek/gebroke) meer geneig is om gereg. te wees as prenominaal (bv. in: haar gebroke hart). Om by die hipotese aan te pas, sou 'n prenominaal b.v.dw. "meer byvoeglik" moet wees as sy postnominale eweknie. Juis dit is m.i. nie aantoonbaar nie. 'n Geval soos die agtergeblewe weduwee, waar regularisering nie eens moontlik is nie, is bv. goed parafraseerbaar met die suiwer werkwoordelike die weduwee wat agterbly/agtergebly het.

As aangeneem kan word dat v.dwe. wat "perseptuele" en "objektiewe" koppelwe. verbind, meer naamwoordelik is as dié wat met "koueatiewe", "dinamiese" of "statiese" koppelwe. verbind - en e.g. neig tot groter ongeregulariseerdheid as lp. - sou ons hier ook 'n samehang met Ross se hipo-

tese kon konstateer. 'n Verdere samehang is moontlik geleë in die feit dat die v.d.w. in voorsetseluitdrukkings meer konsekwent ongereg. is as in die postnominale kontekste van die b.v.d.w.

'n Verdere nie-samehang met die skaalhipotese is moontlik dat die v.d.w. as bywoord - ofskoon dit nie deur Ross êrens op die skaal geplaas is nie - morfologies byna net so konserwatief is as die v.d.w. as s.nw.

Omdat Ross se hipotese (ook in 'n ander artikel³⁹⁸) nie genuanseerd genoeg uitgewerk is met betrekking tot al die verskynsels wat in par. 4.2.3.1 hierbo aan die orde kom nie, laat ek dit voorlopig daar. Die TG hipoteses wat hieronder aan die orde kom, handel eksplisiet oor die verhouding postnominaal/prenominaal.

4.2.3.2.2 Enkele TG hipoteses


Die gedagte dat die v.d.w. - ook byvoeglik gebruik - primêr by die ww.-stuk tuishoort en slegs sekondêr in relatiewe isolasie voor die s.nw. in 'n naamwoordstuk kan staan, is in ooreenstemming met TG hipoteses en my gegewens. My historiese/sinchroniese gegewens is dus regstreeks of onregstreeks 'n staving van die TG aanname.

Bach beskryf die funksie van transformasionele reëls soos volg: "The basic purpose of including transformational rules in a grammar is to make it possible to describe one type of structure directly and to describe other

structures as modifications of structures of the first type"³⁹⁹. In die onderhawige geval gaan dit om die reduksie van 'n onderliggende ein met die status van betreklike bysin en sy verakuiwing (volgens sekere variante van die hipotese) na prenominaal posisie.

Daar is meer as een TG hipotese oor hoe bost. plaasvind. Die mees gangbare siening volgens die standaardteorie word duidelik opgesom deur Jacobs en Rosenbaum⁴⁰⁰; die ander variante word later bespreek.

Jacobs en Rosenbaum gaan uit van die volgende diepte-struktuur (ek verkort):



Die latere betreklike bysin (which Palmerston presents) is hier nog die dieptestruktuur van 'n volledige sin (Palmerston presents the argument) wat egter nooit gerealiseer word nie. Referensiële identiteit word aangeneem tussen die kern-NP van die hoogste N (argument) en 'n NP in die S (argument) en die "relative clause transformation" kan lg. NP na die begin van S verskuif. Die "article transformation" voer o.m. 'n kenmerk in wat tot die totstandkoming van die betr. vnw. sal lei. Die s.nw. self - t.w. argument in S - word geskrap d.m.v. die "relativized noun deletion transformation"⁴⁰¹. Die "relative pronoun deletion transformation"⁴⁰² lewer opsioneel the argument Palmerston presents en is spesifiek op Eng. van toepassing. Die eerste transformasie wat vir die doel van hierdie paragraaf van besondere belang is, is die "relative clause reduction transformation"⁴⁰³, omdat die reduceerbaarheid van 'n betreklike bysin 'n voorvereiste is vir die verskuiwing van 'n element na prenominaal posisie. Jacobs en Rosenbaum formuleer dit soos volg: "The relative pronoun subject of a relative clause may ... be deleted by a relative clause reduction transformation if it precedes a segment with the features $\langle + \text{copula} \rangle$ and $\langle + \text{present} \rangle$, which indicate some form of the copula "be"⁴⁰⁴. 'n Voorbeeld, wat tegelykertyd aantoon dat die transformasie ook op bysinne met v.dwe. van toepassing is, is: unicorns which are captured at midnight turn into princesses na: unicorns captured at midnight turn into

princesses. (Een beswaar wat teen hierdie formulering ingebring kan word, is die voorwaarde " <present> "; Lakoff het dan ook 'n vb.: The man who was murdered $\Rightarrow$ the murdered man⁴⁰⁵. 'n Tweede beswaar geld miskien " <copula> "; m.i. is are en was in bost. vbe. eerder hulp- as koppelwre.)

Die tweede transformasie wat hier van besondere belang is, is die "adjectival VP shift" of "adjective transformation"⁴⁰⁶, elders ook (meer algemeen) benoem en geformaliseer as "Modifier Shift"⁴⁰⁷, wat o.m. plays controversial kan omsit in controversial plays. Hierdie analise van die beperkende betr. bysin is vlg. Bach "followed in much recent work"⁴⁰⁸.

Lakoff gaan 'n bietjie dieper in op die voorwaardes vir die transformasie wat hy "adjective shift" noem. Uit die omsetbaarheid van The child who is soundly sleeping na the soundly sleeping child⁴⁰⁹ maak hy die afleiding dat dit die hele werkwoordstuk ("entire verb phrase") is wat verskuif, en nie net bv. b.nw. of ww. nie. 'n Verdere probleem is om die afleiding van *the sleeping soundly child en *the obnoxious occasionally boy te voorkom uit die onderhawige dieptestruktuur. Dit lei tot die formulering van die voorwaarde dat: "the verb phrase must immediately dominate the final {adjective, verb}"⁴¹⁰, dus met die ingeboude voorwaarde dat die ww. bv. laaste moet wees in die matryssin, soos in who is soundly sleeping in teenstelling met who is sleeping soundly. Soos Emonds dit kortliks saamvat: "the VP's that move must, like AP's [adjective phrases], end in their heads"⁴¹¹.

Ander TG hipoteses in verband met die betreklike bysin word uitvoerig behandel in Stockwell, Schachter en Partee⁴¹². Volgens die "Art-S Analysis"⁴¹³ is die betr. bysin in die dieptestruktuur deel van die determineerder en dus daar reeds prenominaal. Emonds, wat ook met 'n hipotese werk waarvolgens die betr. bysin prenominaal is, stel i.v.m. "adjective movement" voor dat ons dit kan vervang met 'n transformasie "that postposes the constituents S and PP from prenominal position AFTER relative clause reduction takes place" (en nie toegepas is nie, C.J.C.)⁴¹⁴.

Die "NP-S Analysis"⁴¹⁵ is die hipotese wat reeds hierbo behandel is. Volgens die "NOM-S Analysis"⁴¹⁶ is die betreklike bysin ook postnominaal, maar neem dan 'n s.nw. eerder as 'n naamwoordstuk as antesedent van wat in die bysin verbetreklik moet word. In al drie bost. gevalle is die b.nw. of "werkwoordagtige" wat geprenominaliseer moet word, afkomstig uit 'n bysin, wat egter self pre- of postnominaal kan wees. Volgens 'n vierde hipotese, die "Deep-Structure Conjunction Analysis"⁴¹⁷ is 'n betr. bysin in die dieptestruktuur 'n konjunk van die hoofsin. Die feit dat voorstanders van hierdie hipotese van 'n baie abstrakte en logiese onderliggende struktuur gebruik maak, maak dit in hierdie geval moeilik om te beweer dat element wat later vooropgestel word uit 'n volledige werkwoordstuk afkomstig is.

Wat van belang is, is dat in die vernaamste hipoteses - die lg. uitgesonderd - daar 'n sinselelement of elemente (vgl. soundly sleeping) uit 'n WS-konteks gehaal word en voor 'n N geplaas word, en nooit andersom nie; die relatiewe waarde van die verskillende hipoteses is origens nie hier ter sake nie.

Kritiek teen die afleiding van (alle) prenom. b.nwe. uit bysinne⁴¹⁸ vind ons o.m. by Emonds⁴¹⁹, Bolinger⁴²⁰ en Jackendoff⁴²¹. Jackendoff merk op: "Thus it may be necessary ... to distinguish surface adjectives that derive from reduced relative clauses from those that do not"⁴²². Dit wil egter voorkom asof die kritiek wat teen die afleiding van elemente uit bysinne uitgeoefen word, beperk is tot sommige soorte b.nwe., saamhang met die aanname van 'n baie abstrakte dieptestruktuur en nie betrekking het op elemente van die werkwoordgroep nie⁴²³. Voorbeelde van die vooropstellings-transformasie waarin (Eng.) voltooide en onvoltooide dwe. 'n rol speel, vind ons, daarenteen, o.a. by Jacobs en Rosenbaum, en Lakoff (vgl. hierbo) en by Emonds, o.m. the often retold story⁴²⁴; die gedagte van so 'n invoging van 'n element in 'n naamwoordstuk is juis deur Chomsky ontwikkel aan die hand van 'n sin met 'n deelwoord, t.w. the child is sleeping⁴²⁵.

Ter samevatting kan die volgende punte genoem word:

- (a) Onderliggend aan die onderhawige TG hipotese, veral in sy nie-so-abstrakte variante, is dat 'n sinselement vanuit een sinkonteks na 'n ander verplaas kan word, m.a.w. die hele konsep van verplasingstransformasies.
- (b) V.dwe. is in die (relatiewe) dieptestruktuur deel van die werkwoordstuk van 'n sin (self post- of prenominaal gesien) vanwaaruit hulle transformasioneel in 'n naamwoordstuk, in die posisie van preminale b.nw., geplaas kan word.
- (c) Een van die onderdele van die transformasionele proses is die reduksie van bg. sin; 'n ander (by postminale afleiding) die vooropstelling van die v.dw.
- (d) Een voorwaarde wat vir die reduksie van die sin gestel word, is dat die werkwoordstuk 'n vorm van wees as koppelwerkwoord moet bevat (ofskoon sommige voorbeelde dit m.i. loënstraf).
- (e) Kritiek op hierdie hipotese is m.i. nie op deelwoorde - dus (de-)verbale elemente - van toepassing nie.

4.2.3.2.3 Versoenbaarheid van hipoteses met empiriese feite

Die TG hipotese (of hipoteses) soos dit hierbo geskets is, voorspel in sy algemene vorm in verband met die empiriese gegewens o.m.

- (a) dat die prosesse van reduksie en vooropstelling, synde transformasioneel, produktief moet wees
- (b) dat daar vir elke konteks 5-vorm, 'n v in konteks 1 moontlik sal wees;
- (c) dat daar, by reduksie en vooropstelling, nie onherwinbare inligting verlore gaan nie;
- (d) dat die transformasionele prosesse geen betekenisverandering sal meebring nie;
- (e) dat as daar in konteks 1 diachronies 'n neiging tot regularisasie bestaan wat tot konteks 5 deurwerk, konteks 1 sinchronies meer regularisering sal toon as konteks 5.

Op (e) word hieronder dieper ingegaan; i.v.m. (a) tot (d) kan die volgende kortliks genoem word:

- (a) De Villiers sê, met verwysing na Bolinger, dat "as die handeling van die betrokke werkwoord 'n resultaat het, ... die deelwoord daarvan attributief gebruik (kan) word", bv. 'n gebreekte glas t.o. *besoekte vriende⁴²⁶. Die aspek van die v.dw. kan dus die produktiwiteit van die transformasie(s) beperk. Hierdie opmerking van De Villiers maak egter deel uit van 'n omvattender bespreking van die verskille tussen attributiewe en predikatiewe funksie, sodat dit ook kritiek op die transformasionele prosesse van vooropstelling wat gewone b.nwe. sou ondergaan, implisier.
- (b) Uitsonderings hierop, soos die verdwene skip, word hieronder behandel.
- (c) Daar gaan meestal geen inligting verlore nie, maar soms wel refleksiwiteit, soos bv. in 'n tydsgebonde persoon t.o. Hy bind hom (of beter: laat hom bind) deur sy/ die tyd. Inligting gaan ook deur sintaktiese homonimie verlore: die beleërde stad kan bv. afgelei wees uit die stad wat beleër word of ... is.
- (d) Hierdie gevalle word uitgeskakel deur die verband met die stam as verbreek te beskou.

Wat (e) betref, kan daarop gewys word dat in die geskiedenis van Afr. die regularisering van die werkwoordelike v.dw. dié van die byvoeglike v.dw. voorafgaan. Ons moet dus aanneem dat die regularisering van b.nwe. op een of ander wyse formeel deur die ww.v.dw. "geïnspireer" word. Daar is 'n duidelike uiterlike ooreenstemming tussen hulp- en koppelww.-konstruksies, waar die hulp- of koppelww. 'n vorm van wees is en met 'n v.dw. kombineer. Ek kom laer af op die verhouding tussen ww.v.dw. en b.v.dw. terug en neem voorlopig aan dat die b.v.dw. van 'n werkwoord as leksikoninskrywing met die werkwoord geassosieer is in die leksikon, en uit die leksikon in konteks 1 geplaas kan word.

In par. 4.2.3.1.7.1 is aangetoon dat daar vir 'n gegewe grondwoord in kontekste 1-4 (waar 1 die grootste rol speel) altyd net soveel of meer regularisering is as in kontekste 5-9 (waar 5 die grootste rol speel). (Gegee, verder, die

TG hipotese van verplasing uit konteks 1 na konteks 5, is dit 'n vraag hoe gebreek in 1 bv. gebroke kan word in 5. Dit kan egter gereël word deur 'n bepaalde b.v.dw. in 'n bepaalde betekenis "[+ prenominaal] → [gebroke]" in die leksikon te merk, soos onverwags prenominaal bv. as onverwagte en verpligtend as verpligte herskryf moet word, eventueel met tussenstadia, en as dié gevalle inderdaad vooropgestel word). Die TG hipotese van reduksie en vooropstelling beskryf die meganisme wat vir die verskuiwing uit een konteks na 'n ander verantwoordelik sal wees, asook die rigting van die verskuiwing wat ook die rigting sal wees waarin regularisering histories sal verloop, t.w. van konteks 1 na konteks 5.

In par. 4.2.3.1.7.4 hierbo is melding gemaak van 'n aantal prenominale vorme, veral Ndl. mutatiwee vdwe., soos verdwene, agtergeblewe, aangekome, verskene, ens., wat nóg prenominaal, nóg in konteks 1 as gereg. vorme (of selfs ongereg. in konteks 1) voorkom⁴²⁷. Dat hierdie gevalle ten minste semanties nog hulle verband met hulle stam behou, en moontlik bowendien semanties suiwer werkwoordelik bly, blyk uit die feit dat die onlangs verskene boek geredelik geparafraseer kan word met die boek wat onlangs verskyn het. Daar is ook oorganklike gevalle wat eweneens enersyds prenominaal slegs ongereg. voorkom en glad nie in konteks 1 nie en andersyds so duidelik "werkwoordelik" is dat hulle na die hede of toekoms kan verwys en d.m.v. passiewe met word geparafraseer kan word, vgl. "die aanbevole kleinhandelsprys"⁴²⁸; en: "gaan te doen kry met 'n volgehoue binnelandse wapenstryd"⁴²⁹. Vgl. hierby parafrases soos: die kleinhandelsprys wat aanbeveel word en 'n wapenstryd wat volgehou (sal) word, onderskeidelik.

Omdat die reduksietransformasie, soos gewoonlik geformuleer, nie op bysinne met v.dw.+het of v.dw.+word van toepassing is nie, en die geregulariseerde vorm van v.dwe. soos verdwene en volgehoue dus nie transformasioneel vooropgestel kan word nie, voorspel die reduksietransformasie tereg dat hulle "regulariseringsroete" geblokkeer sal wees en hulle dus prenominaal gestrand sal wees ongeveer soos die b.nwe. in militêre woordvoerder, mediese beampte, my liewe vriend, ens.

'n Probleem is nou wat die grammatikale status van gevalle soos verdwene, volgehoue, ens., is. Dit is enersyds moontlik dat hulle heeltemal los van VERDWYN, VOLHOU, ens., as gewone b.nwe. indie leksikon opgeneem word⁴³⁰. Ons sal in dié geval agter in die leksikon voorsiening moet maak vir suiwer b.nwe.⁴³¹ met 'n duidelik werkwoordelike karakter (vgl. bv. onlangs verskene), wat ongewens is. Om dié rede moet ons miskien, andersyds, liever 'n woord soos verdwene by VERDWYN spesifiseer as "[b.v.dw., + prenominaal] → [verdwene]". Die vraag is dan waarom verdwene nie soos gebroke in die leksikon geregulariseer kan word nie.

En as ons aanneem dat 'n b.v.dw. soos gebreek uit die leksikon gehaal word en nie transformasioneel van die ww.v. dw. gebreek afgelei word nie (ter wille van die funksie-verekil wat daar tussen die twee bestaan), dan moet die vraag nog gestel word waarom dit so noodsaaklik is dat die b.v.dw. gebreek in konteks 1 ingevoer moet word terwyl gebreekte nie regstreeks in konteks 5 ingevoer kan word nie.

Daar is m.i. duidelike aanduidings dat die postnominale verhouding tussen b.v.dw. en ww.v.dw. baie "noodsaakliker" is as een wat via die leksikon gespesifiseer word. As hierdie verhouding nie deur die grammatika volledig uitgedruk kan word nie, is dit 'n aanduiding dat taalverandering hom ook o.m. deur oppervlaktestrukture - of selfs oppervlakkige ooreenstemming - laat determineer. Dat die reduksievoorwaarde wat deur Jacobs en Rosenbaum e.a. gestel word, nl. dat is slegs 'n koppelww. moet wees, te eng is, blyk o.m. uit sommige van die voorbeelde wat deur hulle gebruik word (vgl. hoër op). Daar is naamlik "aan die oppervlakte" 'n duidelike ooreenstemming tussen (a) Hy is gebreek (ww.v.dw.) deur die droogte en (b) Hy is gebreek/gebroke (b.v.dw.) deur (as gevolg van) die droogte. Eerder as met sintaktiese homonimie het ons m.i. hier te make met 'n semanties-sintaktiese kontinuum van "handeling-in-die-verlede ... toestand-in-die-hede" tussen 'n koppelww.-konstruksie en hulpww.-konstruksies met is/was.

Hierdie "dubbelsinnigheid" is juis die resultaat van die herinterpretasie van deverbale b.nw.+koppelww. tot v.dw. +

hulpww. in Middelnederlands, maar sonder dat die eerste interpretasiemoontlikheid verlore gegaan het (vgl. par. 1.5.2 hierbo). Dat Afr. (en Ndl.) vandag nog albei moontlikhede het, wat gewoonweg as sintaktiese homonimie beskou word, is miskien juis 'n aanduiding dat dit a.g.v. die semantiese kontinuum behoue gebly het en miskien eerder as interpretasieverskil dan as sintaktiese homonimie beskryf moet word. Ons kom vandag nog heelwat gevalle teë (selfs met deur-groepe) waar dit (i) nie duidelik is of die taalgebruiker v.dw.+hulpww. of b.v.dw.+kww. bedoel nie, en (ii) skynbaar, ook blykens die wyer konteks, nie vir kommunikatiewe doeleindes noodsaaklik is om na die een of die ander kant te interpreteer nie, vgl.: Waar die pad die laagte deurgaans is weerskante regaf walle gespoel (La82); Sy vrou kyk, sonder om haar aan hom te steur, wat daar gesteel is (H32); Maar sy langwerpige kop, met die hare wat gladweg uit die nek weggeskeer is deur 'n skeermas (H78); Daar kom so weinig in; en wat opgespaar is, slink onrusbarend weg (B2); Dit was die dae van baie behangsels ...; behangsels van ferweel of sy ... was aan die rakke geheg (M8); In daardie dae toe vroue nog nie so veel in die openbare lewe ingetrek was nie (M25); Die ander is alreeds dood. My maat was verbrysel (Be70); En na 'n ruk begin die dokter praat ... asof die onderwerp nie reeds tot die bodem geledig is nie! (Lo5); In die afgehoekte klein area ... is alles wat binne die vermoë van Wes-Europa was, bymekaargebring (J37); Wanneer hy 'n sin klaar het, draai hy aan die punte van sy moestas, nog dik hoewel dit grysgeel gevlek is deur tabak (J48); sê ek ... daardie nag teen die agtergrond van ... my Oom se gesaaides wat tot houtskool gereduseer is (Le47); Die vrouens van Sjunem is bruin gebrand deur die son (Le53); iets van hul geskiedenis is opgeteken (Br5); "Jy moet onthou," het die baas gesê, "jy's geteel vir hierdie land" (Br25); asof alles uit my uitgedryf was wat my gekwel het (Br22). Vgl. ook die volgende ongereg. geval: dit was van die begin af so gegewe (Br185).

Die genoemde dubbelsinnigheid bestaan veral by v.dw.+is/was⁴³². Die aanname word hier gemaak dat die grammatika sekere stringe met v.dwe. kan genereer wat nóg eksplisiet

werkwoordelik, ndg eksplisiet byvoeglik is. Die reduksie-transformasie verwys in sy struktuurbeskrywing bloot na v.dw. (of b.nw.)+is/was, sonder dat as voorwaarde gestel word dat is/was koppelww. is. Die verskil tussen "byvoeglik" en "werkwoordelik" is een van interpretasie. Daar kan egter ook formele middele wees wat die een interpretasie of die ander bevorder; die hulpww. het en 'n bywoord van tyd, soos gister, lei bv. gewoonlik tot 'n werkwoordelike interpretasie en die gebruik van die ongereg. v.dw., bv. gebroke i.p.v. gebreek, tot 'n byvoeglike interpretasie.

Dit is moontlik dat die TG wyse van afleiding van taalbousels uit dieptestrukture 'n samehang vertoon ook met die ander - veral sintaktiese - bevindings wat hoërop uiteengesit is. Omdat die gegewens in verband met die kleinere sintaktiese kontekste te min is om enige belangrike sintaktiese hipotese mee te toets, word die vergelyking tussen teorie en feite hier nie verder gevoer nie.

Die sentrale argument van hierdie paragraaf kan soos volg saamgevat word: As ons aanneem (i) dat daar in Afr. oor die algemeen eerder 'n neiging tot groter regularisasie is as tot 'n toename in ongereg. vorme, en (ii) dat daar 'n transformasionele verhouding is tussen preminale en postminale v.dwe., met konteks 1 as die "tuiskonteks" van die v.dw., dan kan voorspel word (a) dat daar in konteks 1 net soveel of meer regularisering as in die preminale konteks sal wees, en (b) dat as gereg. vorme nie in konteks 1 kan voorkom as bron van regularisasie nie, regularisasie ook nie tot die preminale konteks sal kan deurdring nie. Wat (a) betref, is die bestaan van 'n implikasionele verhouding reeds aangetoon, en wat (b) betref, is verpligtend ongereg. vorme, sonder gereg. korrelate in konteks 1, soos verdwene en volgehoue, gevind, sodat aan albei voorspellings voldoen word. Hiervan kan ons aflei dat aanname (ii) juis is (as aanname (i) dit ten minste ook is).

'n Verdere probleem was egter die volgende: as aangeneem word dat die b.v.dw. - as 'n soort b.nw. - tradisioneel 'n ander funksie as 'n ww.v.dw. - deel van die perifereetiese ww.-groep - het, moet die grammatiese verband tussen die twee in

die leksikon eerder as bv. transformasioneel wees. Maar as die verband in die leksikon is, is daar geen dwingende rede waarom alle b.v.dwe. - ook verdwene, ens. - nie daar gereguleer sou kon word of selfs vandaar regstreeks in enige konteks geplaas sou kon word nie. (Dit sou dan ook aanname (ii) hierbo verswak). Dit blyk egter wel moontlik om buite die leksikon, t.w. in konteks 1, 'n verband tussen die ww.v.dw. en b.v.dw. te sien, en wel as twee uiteindes van 'n semantiese kontinuum; dit word deur talle "dubbelsinnige" voorbeelde met v.d.w.+is/was bevestig. Dit bevestig op sy beurt weer dat konteks 1 inderdaad die "locus" van die regularisering is, wat aanname (ii) hierbo tog waarskynlik maak (en indirek ook steun verleen aan die aanname dat verskuiwingstransformasies deel van die taalwerklikheid is).

4.2.3.2.4 'n Oorkoepelende beskouing

In die poging om 'n verklaring te gee vir die empiriese bevindings, is van die meeste gegewens nog nie rekenskap gegee nie; die kleiner sintaktiese kontekste, die morfologiese tipes, die semantiese kategorieë en die fonologiese gegewenhede is nog nie betrek nie. In hierdie paragraaf word 'n ontledingsmodel aangebied wat die meeste bevindings dek en wat uitgaan van die sentrale konsep van "afstand van die werkwoordelike v.dw.", maar wat vir meer as een parameter - of die werking van meer as een faktor - voorsiening maak.

Van Haeringen probeer in sy studie van ge- en e- as deelwoordvoorvoegsels (vgl. par. 4.2.1 hierbo) tot 'n eenvoudige verklarende beginsel kom. Omdat die funksie van ge- die karakterisering van die v.dw. is, meen hy dat die ge- slegs kan verswak as daar 'n ander element is wat hierdie karakteriseringsfunksie kan oorneem; omdat die wegval van g- steeds duidelik korreleer met die aanwesigheid van die hulpww. (eerder as met werkwoordelikheid/byvoeglikheid of pre-/postnominale posisie), vermoed hy dat die hulpww. die karakteriserende funksie van die volledige voorvoegsel kan oorneem. Hy gaan uit "van een toestand met ge- over de hele linie, zowel bij het 'werkwoordelijke' als by het adjectivische participium"⁴³³.

Op soortgelyke wyse kan ons ons afvra wat die funksie van die ongereg. deelwoordvorm in Afr. is (en of dit dalk die gereg. vorm is wat 'n eie funksie het). 'n Moontlike funksie is die karakterisering (markering) van die byvoeglike v.dw. as hy na buite sy tuiskonteks verplaas word. 'n Probleem hiermee is dat die b.v.dw. in soveel verskillende kontekste optree (selfs bywoord, voorsetsel en s.nw. kan wees) dat dit moeilik is om die presiese grammatiese verband van elkeen met die ww.v.dw. te omskryf. Daar is egter 'n ander beskrywingsmoontlikheid wat met hierdie een rekening hou, en die volgende as uitgangspunte neem:

- (a) Die ongereg. vorm kom in beginsel "oor die hele linie" voor;
- (b) die ww.v.dw. se vorm, sintaktiese funksie en letterlike betekenis is die bron van alle regularisering van die b.vdw.;
- (c) die rigting waarin regularisering gaan, kan in beginsel aangetoon word.

Oor (a), voorlopig die volgende: vooruitlopend op die gegewens in par. 4.2.4.1 hieronder kan ons aanneem dat die ongereg. vorme (met enkele frekwente uitsonderings, soos opgewonde) veral uit die skryftaal - en dikwels die deftiger skryftaal - afkomstig is en redelik laat aangeleer word deur taalgebruikers. Hulle het byna sonder uitsondering die Ndl. vorm (soms selfs in weerwil van Afr. klankverandering, vgl. afgeskeidenheid) en toon geen noemenswaardige afname sedert 1925 nie. Dit is moontlik dat ons hier met die nadraai van 'n toestand van "diglossie" te make het, waar die "hoër taal" - Ndl. - vervang is deur 'n "hoër woordeskat" in Afr. (vgl. par. 4.2.4.3 hieronder), waarvan die ongereg. v.dw. deel vorm. Die bron van die ongereg. v.dw. is dus die neiging om hierdie "deftiger" vorme in byvoeglike funksie te gebruik.

Die ww.v.dw. is, aan die ander kant, die resultaat van regularisering wat 'n bepaalde grammatiese weg gevolg het en enduit gevolg het. Omdat die gebruiker van "hoër woordeskat" vermoedelik 'n uitgebreide, geïntegreerde grammatika het, waar-

in die byv. funksies nie los staan van die ww. funksie nie, ontstaan 'n konfliktsituasie waarvolgens die gereg. vorm sover moontlik die terrein van die ongereg. vorm binnedring. Om die weg/rigting van hierdie indringing te kan kontroleer, is dit nodig om oor grammatikateorieë te beskik wat die begrip van "relatiewe grammatiese afstand vanaf die werkwoordelike v.dw." akkuraat kan omskryf vir verskillende komponente van die grammatika. Ons gaan vervolgens kortliks ná hoe die weg van regularisering benader sou kon word en hoe dit met die beskikbare gegewens vergelyk. As ons die "sintaktiese afstand" wat 'n bepaalde woordesoot van die ww.v.dw. is met die vormalternansie wil vergelyk om tot bepaalde gevolgtrekkings te kom, is daar 'n paar belangrike voorbehoude om in ag te neem, wat enige vergelyking uiters tentatief maak:

- (a) Ons moet uitgaan van 'n bepaalde sintaktiese teorie, maar teorieë kan foutief wees;
- (b) benewens egte sintaktiese faktore mag daar ook "oppervlakkige" faktore soos homonimiese assosiasie wees wat 'n rol speel of grammatiese faktore wat saamhang met nie-sintaktiese komponente of faktore soos idioommatigheid of "verstarring".

As ons aanneem dat suiwer sintaktiese verbande wel 'n rol speel, kan ons op die basis van TG analise verder hipotetiseer dat die "sintaktiese afstand" vanaf 'n ww.-groep met ww.v.dw. op die volgende wyse progressief vergroot word:

- (i) deur die interpretasie van v.dw.+is/was as byvoeglike v.dw.+koppelww.
- (ii) deur reduksie van die konstruksie met v.dw.+is/was
- (iii) deur die integrasie (d.m.v. verskuiwing al dan nie) van die v.dw. (eventueel met ander materiaal) in 'n ander sin of sinsdeel.

Gevalle wat by (i) bedoel word, is die kontek. (1)-gevalle, waar gereg. en ongereg. mekaar afwissel. Reduksie vind ons veral by kontek. (4) in sy verskillende subtypes, en die materiaal (vgl. par. 4.2.3.1.7.2) toon, met die moontlike uitsondering van 4b1, dat die v.dw. oorwegend gereg. is. Hier moet

egter weer daarop gewys word dat in die materiaalversameling slegs in die geval van konteks 1 op grond van kontekstuele oorwegings besluit is of 'n bepaalde v.dw. werkwoordelik is (nie opgeteken nie) of byvoeglik (konsekwent opgeteken) - v.dwe. wat in al die ander kontekste staan is tradisioneel byvoeglik (of 'n bywoord, voorsetseel of voegwoord)⁴³⁴. Dit impliseer dat daar onder alle kontekste b.v.dwe. opgeneem kon word - en inderdaad in alle gevalle opgeneem is - wat semanties suiwer werkwoordelik is ofskoon hulle tegnies b.v.dwe. is⁴³⁴. Waar ons dan vind dat die v.dw. oorwegend gereg. is in kontekste 4bii, 4c en 4d, minder duidelik as in die geval van 4a en 4bi, mag die verklaring wees dat daar in kontekste 4bii, 4c en 4d relatief meer semanties werkwoordelike b.v.dwe. as in 4a en 4bi is, en dus 'n relatief sterker neiging tot gereg. vorme. Dat die b.v.dwe. van 4bii, 4c en 4d so relatief werkwoordelik bly, mag weer saamhang met die feit dat hulle as bysinne, selfs na reduksie, meestal nog bepalinge, ens., bevat sodat die b.v.dw. as werkwoordelike relator bly fungeer. Die volgende voorbeelde illustreer die ooreenkomste en verskille (met die antesedent ook aangedui):

- 4a: dit was soos 'n stuk nasionale trots uitgesny en oor-gelewer aan die ... vyand (n269);
- 4bi: Daar is brood klaar gesny wat julle kan meeneem (M70);
- 4bii: Die gleuf in sy maag, gesny deur die gevlegte leer-gordel, was glad nie meer so diep nie (8e25);
- 4c: is dit net of hulle twee die enigste op aarde is, en afgesluit van 'n dooi, vergete verlede, staan en wag ... (H65-6);
- 4d: Die baie portrette ... om sy beeld fris te hou: ... die koppige ken omsluit deur 'n vl wit baard (L015).

In die meeste konteks 4-gevalle word 'n onderbreking tussen bysin en antesedent deur 'n gesteken aangedui (vgl. die laaste drie gevalle hierbo), wat 'n aanduiding is dat ons slegs te make het met reduksie, nie met integrasie nie.

Ook in kontekste 6 (die "participium conjunctum") en 7 (die "absolute deelwoordgroep") het ons met reduksie te make; lg. is meestal egter meer kernagtig as e.g., vgl.

6: Saam met tabel 39 gelees, is dit duidelik dat (We63);

7: dis haar naam, klaar en gedaan (n115)

In konteks 6, wat 'n werkwoordelike karakter kan hê, is die gereg. vorme effens in die meerderheid; die konteks-7 gevalle is min maar oorwegend ongereg.

Konteks 5 is 'n duidelike geval van reduksie van 'n betreklike bysin, en integrasie in 'n NS; die v.dw. is soms egter nog duidelik werkwoordelik van aard. Vergelyk ons 4bi (11 types gereg, 13 ongereg.) waar slegs reduksie plaasgevind het, met 5bi (4 tipes gereg, 18 ongereg.) waar bowendien integrasie in die NS plaasgevind het, is die verskil duidelik (albei gevalle v.dw. met hoogstens 'n bywoord). 4bii (39 gereg, 9 ongereg.) is moeilik met 5bii (2 gereg, 3 ongereg.) te vergelyk omdat v.dw. met voorsetsgroep so selde prenominaal voorkom in Afr., maar nogtans is hier 'n parallelle verskil aan te wys.

Ook in die geval van 3a (van 3b is net een token gevind) - die "predikatiewe bepaling" - en miskien 2 - altans wat sommige koppelwwe. betref - kan moontlik van reduksie en integrasie gepraat word. Die gedagte dat koppelwwe. (benewens is/was), asook skakelwwe. en modale hulpwwe. in die dieptestruktuur die hoofwerkwoord is van 'n matryssin waarin 'n ingebedde sin voorkom wat die res van die oppervlakte-ww.-groep bevat, is nie nuut nie. Evers⁴³⁵ argumenteer bv. uitvoerig vir die bestaan van dieptestrukture soos (i) hieronder (hier vereenvoudig en aangepas weergegee en, soos by Evers, gerieflikheidshalwe in bysinsvolgorde) en oppervlaktestrukture soos (ii):

(a)(i) dat hy [_S die medisyne werk] voel

(ii) dat hy die medisyne [_V voel werk]

(b)(i) dat [_S die water die voëls vergiftig] skyn

(ii) dat die water die voëls [_V skyn te vergiftig]

In albei gevalle, t.a.v. werk en vergiftig, onderakeidelik, word die transformasie van "V-Raising" toegepas en 'n S-knooppunt "gesnoei". Ofskoon Evers dit nie doen nie, lyk dit ook moontlik om sommige v.dwe. op dié wyse uit ingebedde sinne te verhef, en dan veral - dog nie uitsluitlik nie -

in die geval van koppelwye. wat "perseptueel" en "objektief" is (vgl. par. 4.2.3.1.7.3), juis dié tipes waarby die v.dw. oorwegend ongereg. is; vgl. parafrases soos

"objektief": Hy lyk/kom voor of hy gebroke is ($\Rightarrow$ Hy lyk gebroke/kom gebroke voor).

"perseptueel": Hy voel dat hy bedrieg is ($\Rightarrow$ Hy voel hom bedroë).

Die hipotese word hier gestel maar, omdat daar te min materiaal is om dit te toets, nie verder uitgewerk nie, dat as die v.dw. in die dieptestruktuur deel kan wees van 'n werkwoordgroep wat semanties dieselfde waarde het as b.v.dw.+is/was, d.w.s. 'n predikasie, die v.dw. geneig sal wees om ongereg. te wees. Van so predikasie is per definisie sprake by 3a, die predikatiewe toevoeging; ook hier is die v.dw. oorwegend ongereg. (9 tokens gereg, 18 ongereg.).

Vir kontekste 8a en 8b, voor- en agtervoegsels, is daar min materiaal. In die voorsetseluitdrukking - 'n soort vaste uitdrukking en dus ook 'n soort "verstarring" - was die v.dw. altyd ongereg., en as suiwer voor- en agtervoegsel gelykop verdeel. Of ons hier met reduksie te make het en hoe die transformasie daar sal uit sien, is onseker. Feit is egter dat die voor- of agtersetzel deel uitmaak van 'n nuwe sinsdeel: die voor- of agtersetzelgroep. Al is die opgetekende voorbeelde gelykop verdeel, meen ek dat regularisering minder geredelik by die voorsetzel - bv. uitgeslote die kinders - as die agtersetzel - die kinders uitgeslote/uitgesluit - voorkom en dat ons by e.g. met 'n vooropstellingstransformasie moet rekening hou.

Byna uitsluitlik (25 tipes t.o. 1) ongereg. is die bywoorde. Of hulle in die dieptestruktuur ook uit 'n predikasie afgelei kan word, en die wyse waarop dit moet plaasvind, sal van die bepaalde sintaktiese analise afhang. In die oppervlaktestruktuur vind ons hulle egter sporadies geïntegreer in 'n b.nw.-stuk, dikwels in 'n ww.-stuk (vgl. "die boeke verbode die land ingebring"); hulle skyn in elk geval op 'n maksimale afstand van hulle dieptestruktuur-oorsprong te wees.

As s.nw.-afleiding, bv. afgeslotenheid, is die b.v.dw. in 'n naamwoordstuk geïntegreer (as kern daarvan), en hier byna altyd ongereg.; die morfologiese geïntegreerdheid mag egter 'n belangriker faktor as die sintaktiese geïntegreerdheid wees.

Wat uit die bost. o.m. duidelik geword het, is dat die v.dw. geïntegreer kan word in sinsdele soos die naamwoordstuk, b.nw.-stuk, voorsetselgroep en selfs weer in die ww.-stuk (as bywoord of "predikatiewe toevoeging") en in dié gevalle oorwegend of uitsluitlik ongereg. is. Daar kan ook op gewys word dat die pad van reduksie en integrasie dikwels ooreenstem met die pad van "werkwoordelik" na "naamwoordelik" in die woordsoortelike kontinuum (of "squish") van Ross.

'n Volgende parameter, en een wat weinig probleme oplewer, is dié van toenemende morfologiese integrasie (vgl. par. 4.2.3.1.7.5). Die verbinding wat die minste hegtheid vertoon, is voorsetsel of b.nw./byw.+ge+v.dw., bv. aangeneem en vasgebind, onderskeidelik. Die v.dw. kan gereg. of ongereg. wees, en is selfs uitsluitlik geregulariseer in gevalle soos doodgebinde en teruggebuijgde. Samestellings met 'n s.nw., soos lotsgebonde, is enigsins meer geïntegreer omdat bepaalde sinsrelasies, gewoonlik d.m.v. voorsetfels uitgedruk, afwesig is maar geïmpliseer word; die v.dw. is in driekwart van die opgetekende gevalle ongereg. Hegter integrasie vind ons in die groep waar voorvoegsels (meestal) sonder bemiddeling van -ge- met die v.dw.-stam verbind - vgl. begrepe, herwonne, oordrewe; die v.dw. is oorwegend of uitsluitlik ongereg., afhangende van die voorvoegsel. Met agtervoegsels - vgl. afgestorwene, geborghheid - is die v.dw. byna altyd ongereg.; die graad van morfologiese integrasie word verhoog deur die funksiewisseling wat deur die afleiding veroorsaak word. Faktore soos "figuurlikheid" (veral by die abstrakte s.nw.) en "verstarring" speel egter ook 'n rol.

Die parameter waaroor die minste sekerheid bestaan, is die semantiese. Die lyn van afnemende regularisering kan deurgetrek word van "letterlik" - wat meestal "konkreet/waarneembaar" beteken - deur "oordragtelik", tot en met "figuurlik" of "abstrak". As ons kan uitgaan van die ver-

onderstelling - en dit is nie getoets nie - dat die ww.v.dw. in die meeste gevalle 'n soort ongemarkeerde betekenis het wat primêr letterlik is, dan kan ons aantoon dat die ander waardes almal betekenisspesialisasies van die een of ander aard is. By oordragtelike v.dwe. vind ons dikwels betekenis-spesialisasie op die konkrete/waarneembare vlak, vgl. gebreekte (stem), orgeblaasde (horlosie), ontbonde (lyk), gelaai (van pistool), diepgesonde (oë), geskrewe (woord), opgeslane (boek), opgesluite (lug), e.d.m. Die perfekte aspek wat deur 'n b.v.dw. uitgedruk word, is ook 'n vorm van betekenisspesialisasie, en dat 'n v.dw. dié aspek moet kan hê, is volgens De Villiers voorwaarde vir attributiewe gebruik (vgl. par. 4.2.3.2.3 hierbo). Sodanige v.dwe. kan egter ewegoed gereg. wees, vgl. die gebreekte bord. 'n V.dw. wat 'n gemoeds-toestand uitdruk, kan ook as gespesialiseerd beskou word; hulle is in die reël ongereg. en neig sterk om hulle verband met hulle stam te verloor (vgl. par. 4.2.3.1.6). In vergelyking met 'n semanties ongemarkeerde stam, word alle figuurlike of abstrakte v.dwe. deur betekenisspesialisasie gekenmerk.

Die verklaring vir waarom relatief figuurlike/abstrakte v.dwe. die minste regularisering vertoon, kan egter ook langs 'n ander weg gesoek word. Die feit dat abstrakte woorde semanties relatief gesofistikeerd is, mag taalgebruikers hoop om hulle van "hoër woordvorme" te bedien, soos die ongereg. vorme.

'n Laaste faktor, nl. dié van "verstarring", is 'n soort integrasie wat o.m. op morfologiese en sintakties-semantiese vlak 'n rol kan speel, vgl. gevalle soos afgeslotenheid en menslik gesproke, onderskeidelik. Ook in vaste uitdrukkings is die v.dw. meer geneig om ongereg. te wees as daarbuite (vgl. par. 4.2.3.1.5).

4.2.4 Taalgebruiksregisters, verwerwingsouderdom en diglossie

Die vraag kan gestel word wie vandag die sterk b.v.dw. gebruik, in watter omstandighede en in watter van sy verskillende vorme, bv. ongereg. of gereg., met of sonder verband met die stam. Hierdie vraag word deur middel van steekproewe van twee kante

benader: in watter registers van gesproke en geskrewe taal word die b.v.dw. in die genoemde vormmoontlikhede rebruik? (par. 4.2.4.1) en: in watter taalverwerwingsperiode word veral die ongereg. vorme deur die kind aangeleer? (par. 4.2.4.2). In die derde paragraaf (4.2.4.3) word die antwoorde op hierdie vrae in verband gebring met die verskynsel van diglossie. In die eerste geval word gebruik gemaak van die grootste gedeelte van die materiaal wat ook as grondslag gedien het vir par. 4.2.3; in die tweede geval van 'n betreklik klein hoeveelheid inligting wat van skoolkinders verkry is d.m.v. geskrewe vraelyste.

4.2.4.1 Taalgebruiksregisters

Die registers wat verteenwoordig is, beslaan 'n spektrum vanaf spontane middelklas-gesprekstaal tot die geformaliseerde taal wat eie is aan die formulering van 'n wet. Die gegewens verteenwoordig egter nie die volledige spektrum nie, maar is slegs 'n keuse uit verskillende spreek- en skryfstyl, en die grootte van die steekproef wissel sterk van styl tot styl.

Daar is weer eens gekyk na alle sterk b.v.dwe., met die uitsluiting van randgevalle soos gelede en verlede (maar nie oorlede nie) en gevalle wat in die konteks waarin hulle voorkom (bv. die verlate straat) of altyd (bv. gesien) vir histories gereg. of ongereg. kan deurgaan.

Dieselfde sistematies versamelde materiaal wat vir die tabelle diens gedoen het, is ook hier gebruik; in die geval van die belletristiese prosa is egter slegs drie werke gekies, t.w. La (eerste 100 bl.), Be (eerste 100 bl.) en Br (eerste 50 bl.), wat 21.000, 25.500 en 25.000 tekswoorde onderskeidelik lewer.

'n Ruwe vasstelling is gemaak van die aantal woorde waaruit elke gekserpeerde teks bestaan, deur bv. 'n bladsy (of twee) van skynbaar gemiddelde bladvulling te neem en met die aantal bladsye te vermenigvuldig; vir die eerste drie gesproke tekste is die presiese getal woorde bekend of naastenby vasstelbaar.

Die volgende is nagegaan: die aantal b.v.dwe.; hoeveel


van hulle moontlik nog verband met die stam het, van hoeveel die gereg. vorm ook gangbaar sou gewees het, en die aantal gereg. b.v.dwe.

Die volgende berekenings is gedoen en hieronder grafies aangedui⁴³⁶.

- A. Die aantal b.v.dwe. as 'n persentasie van al die woorde in die korpus van die bepaalde register;
- B. Die aantal ongereg. gevalle as 'n persentasie van die totale aantal b.v.dwe.;
- C. Die aantal ongereg. b.v.dwe. wat moontlik nog 'n verband met die stam behou, as 'n persentasie van al die ongereg. gevalle;
- B-C. Die verskil tussen B en C;
- D. Die aantal ongereg. b.v.dwe. wat in gereg. vorm gangbaar sou kon wees, as 'n persentasie van al die ongereg. gevalle;
- E. Die aantal woorde in die reglaterkorpus ($\div 5.000$) (as aanduiding van die relatiewe waarde van die gegewens).

Vir 'n beskrywing van die registers, vgl. par. 4.2.2.1.

REGISTERS



Enkele verdere gegewens in verband met die poësie is die volgende. Kolom (i) gee die aantal ongereg. v.dwe. aan wat rym en druk dit uit as 'n persentasie van die totale aantal ongereg. v.dwe.; kolom (ii) gee die aantal gereg. v.dwe. aan wat rym en druk dit uit as 'n persentasie van die totale aantal gereg. v.dwe. (LW: Dié gegewens is gebaseer op dieselfde korpora as wat in par. 4.2.2.1 genoem is).

	(i) <u>ongereg.</u>	(ii) <u>gereg.</u>
Belletristiese poësie :	9:17%	32:47%
Psalms en gesange :	32:71%	2:56%

Ons kan vervolgens die interpretasie van die grafiek op die volgende wyse benader.

Dit lyk in die eerste plek waarskynlik dat die ingewikkeldheid van 'n teks eweredig is aan die persentasie b.v. 'we. wat hy bevat (vgl. norm A). Met die persentasie b.v.dwe. as kriterium kan ons naamlik die volgende geledinge tussen die registers aanbring, waar elke volgende tipe 'n toename op die vorige tipe verteenwoordig:

- (a) gesproke taal: individuele kontak
- (b) gesproke taal: voor gehoor
- (c) geskrewe prosa: nie-vaktaal
- (d) vaktaal en poësie

Aangesien dit waarskynlik is dat die ontlede registers juis op hierdie wyse in ingewikkeldheidsgraad toeneem, lyk dit asof die persentasie b.v.dwe. in 'n teks wel 'n aanduiding van sy graad van ingewikkeldheid kan wees.

As ons aanneem dat die ingewikkeldheid van registers toeneem soos hierbo uiteengesit, dan lyk dit nie asof die persentasie ongereg. vorme so sodanig in die korpus (vgl. norm B) 'n weerspieëling is van die relatiewe ingewikkeldheid daarvan nie.

'n Taalgebruiker kan 'n ongereg. vorm gebruik (i) as 'n vorm wat gereleksifiseer is tot suiwer b.nw. en wat geen verband meer hou met die stam nie - waar hy dus geen keuse

gehad het tussen 'n ongereg. en gereg. vorm nie; (ii) as 'n b.v.dw. wat nog verband hou met die stam, maar (in 'n konteks, ens.) voorkom waar die ongereg. vorm verpligtend is; en (ii) waar dit ook moontlik sou gewees het om 'n gereg. vorm te gebruik. In lg. geval (iii) lyk dit asof ons te make het met 'n stilistiese keuse, vir 'n meer "gesofistikeerde" styl. (iii) word verteenwoordig deur norm D in die grafiek. Ons vind dat D besonder laag is in die eerste drie gesproke registers (asook die 1975-Bybelvertaling), en relatief hoog is vir die poësie.

Dit is voorts duidelik dat die gesproke registers - veral die eerste drie - gekenmerk word deur 'n relatief klein persentasie ongereg. vorme wat nog die verband met die stam behou (C is relatief laag). Daarbenewens is die persentasie ongereg. vorme betreklik hoog in drie gesproke registers (blykens B). Die verskil tussen B en C word uitgedruk deur die stippellyn B-C. Dit is dan opmerklik dat hierdie verskil - d.w.s. 'n hoë persentasie ongereg. gevalle t.o. 'n lae persentasie gevalle wat met die stam verband hou - kenmerkend is van die gesproke registers (maar ook van die preekbundels - waar sprake is van "preektaal", 'n soort gesproke taal - en die regstaal en psalms en gesange).

Dit lyk asof ons aan die hand van die norme wat aangelê is en die gegawens wat ingewin is, die volgende tipologiese onderskeidings tussen registertipes kan maak wat b.v.dw.-gedrag aanbetref:

- (a) Die duidelikste verskil is tussen gesproke en geskrewe taal; oor die algemeen het e.g. 'n relatief klein persentasie b.v.dwe., 'n relatief hoë persentasie ongereg. vorme van die gereleksifiseerde tipe en min stilisties gekose ongereg. vorme.
- (b) Die gesproke taal beslaan self 'n spektrum wat strek vanaf die spontane tipe - wat radikaal verskil van alle ander registers, o.m. deurdát byna alle ongereg. vorme eintlik gereleksifiseerde b.nwe. is - tot die taalgebruik in die Volksraad - wat bv. goed vergelyk met koerantetaal.

- (c) Blykens die relatief hoë persentasie b.v.dwe. (vgl. norm A) is die vaktaal en taal van die poësie moontlik ingewikkelder as die ander registers.
- (d) Blykens die stilistiese voorkeur vir ongereg. b.v.dwe. wat gereg. sou kon gewees het, kan die poësie as 'n relatief gesofistikeerde registertipe beskou word.

Op nog 'n paar ooreenkomste en verskille kan gewys word:

- (e) Die preekbundels toon 'n ooreenkoms met die gesproke taal deurdat in albei gevalle B-C relatief hoog en D relatief laag is. Dit is nie verbasend nie, want die preke van die een bundel is bedoel om voorgedra te word en dié van die ander bundel is gepreekte preke.
- (f) Blykens die norme A, B-C en D is die 1975-Bybelvertaling (slegs t.s.v. die evangelie van Lukas geëkserpeer) enigins nader aan die gesproke taal as die vroeëre vertalings.
- (g) Daar is 'n groot verskil tussen die belletristiese poësie, enersyds, en die psalms en gesange, andersyds. Die verskil kan moontlik daaraan toegeskryf word dat daar by die psalms en gesange 'n duidelike voorkeur aanwesig is vir die ongereg. b.v.dwe. as rymwoorde (71% van hulle het nl. 'n rymfunksie t.o. slegs 2 gereg. vorme). In die belletristiese poësie, daarenteen, vervul slegs 17% van die ongereg. b.v.dwe. 'n rymfunksie, t.o. 47% van die gereg. v.dwe.
- (h) C en D loop ongeveer parallel, en $C \geq D$. Dit is te verwagte, omdat die ongereg. vorme wat gereg. kan wees 'n deelversameling moet wees van die ongereg. vorme wat nog met die stam verband hou maar nie gereg. is nie.

Die volgende is enkele aanduidings of moontlike verklarings van wat in sommige registers gevind is. Aan die einde word ook verwys na skoolopstelle wat geëkserpeer is.

Die ongereg. gevalle in die spontane gesproke korpus (SPK) was beperk tot afgeloop (2x) gesproke (in prakties gesproke), opgeskoot, paniekbevange, uitgestorwe (in uitgestorwe boedel), verbonde (aan) en vervalle; nie een hiervan kon in die konteks waarin dit voorgekom het, gereg. gewees het nie of hou selfs verband met die stam nie.

Die regstaaltekste, wat blykens die relatief hoë persentasie b.v.dwe. taamlik ingewikkeld moet wees, het nogtans die eienskap dat die verskil tussen die ongereg. vorme (B = 82%) en die persentasie wat 'n verband met die stam behou (C = 35%) redelik groot is. Die rede hiervoor is egter die formuleagtige gebruik van sekere ongereg. v.dwe. wat nie verband met die stam het nie, veral betrokke, soos in die betrokke saak/koopgoed/persoon/kontrak, ens. (32x) en verborge in verborge gebrek(e), ens., 'n soort vaste uitdrukking in die teks (19x)⁴³⁸.

Dieselfde kontras tussen B en C, d.w.s. 'n hoë persentasie ongereg. v.dwe. wat nie 'n verband met die stam het nie, vind ons by die psalme en gesange, maar hier a.g.v. meerdere vorme wat in mod. Afr. (en miskien selfs in Ndl.) baie argaïes aandoe, vgl. terneergeboë; My siel, deur skrik bewoë; 'n vesting hoog verhewe; Gods verhewe eis; volsonde; eengebore; (on-)volprese; omgewe; in sy verborge sondigheid; onbegonne; geborge.

Die skoolopstelle van 'n st. 9-klas van 'n Johannesburgse hoërskool is in 1978 vlugtig geëkspeer; die aantal woorde in die korpus is nie bepaal nie. Op grond van die opgetekende b.v.dwe. kon vasgestel word dat B = $\pm 71\%$, C = $\pm 32\%$ en D = $\pm 12\%$, wat blyke toon van 'n redelik goeie ooreenstemming met die patroon van die belletristiese prosa; skoolopstelle kan inderdaad ook beskou word as 'n onderafdeling van belletristiese prosa. B-C is egter weer redelik hoog, t.w. $\pm 39\%$, wat aan die gesproke taal herinner. Daar is ook 'n besondere ooreenstemming met die ongereg. vorme wat in die spontane korpus gevind is, vgl. afgelepe (2x), opgeskote (2x), vreesbevange (2x), gevange, vervalle - asook verlore (2x postnom.), verlate (2x postnom.), verwese (2x), verslae, onbeholpe, besete, gespanne (5x), ontstoke, behoue, noodgedwonge, (veraf-) geleë, gebroke, geslote (5x), aangewese en moedverlore. ('n Opvallende ongereg. vorm vind ons in diep vervalte in hulle drome en 'n opvallende gereg. vorm in gesluite myn gronde).

Enkele gevolgtrekkings kan kortliks hier saamgevat word.

Die aantal b.v.dwe. as 'n persentasie van die totale aantal woorde in 'n teks kan beskou word as 'n veranderlike wat met

die besondere taalgebruiksregister saamhang en is moontlik 'n aanduiding van die relatiewe ingewikkeldheid van tekste. Daar is wat hierdie - en ook ander - kriteria betref, 'n duidelike verskil tussen die gesproke en geskrewe registers, terwyl die gesproke registers self, met toename in formaliteit, geleidelik by die geskrewe registers aansluit.

Ongereg. b.v.dwe. maak oor die algemeen nie 'n kleiner persentasie van alle b.v.dwe. in gesproke as in geskrewe kontekste uit nie. In die gesproke taal word 'n ongereg. vorm egter selde gebruik as dit moontlik sou gewees het om 'n gereg. vorm te gebruik. Kenmerkend van die gesproke registers is nou dat 'n relatief hoë persentasie van die ongereg. v.dwe. wat gebruik word, van die tipe is wat hulle verband met hulle stam verloor het (dus b.nwe. geword het) en as sodanig so te sê verpligtend ongereg. is.

Die vaktaal en poësie kan ook wat die b.v.dw. betref as die ander uiteinde van die skaal beskou word. Hulle bevat 'n relatief hoë persentasie v.dwe. en is moontlik ingewikkelder, terwyl daar in die poësie 'n stilistiese voorkeur vir ongereg. vorme bestaan (d.w.s. wat ook gereg. sou kon gewees het).

Van 'n aantal skoolopstelle (st. 9) is gevind dat hulle kenmerke met die belletristiese prosa en die gesproke taal gemeen het.

4.2.4.2 Verwerwingsouderdom

Die resultate van twee klein ondersoeke (in 1978 en 1972) wat in skole gedoen is - in albei gevalle moes 'n aantal vroeë skriftelik beantwoord word deur leerlinge - word hieronder weergegee, met 'n kort opsomming aan die einde.


Die doel van die eerste ondersoek was - wat die sterk b.v.dwe. betref - om 'n aanduiding te kry of hoërskoolleerlinge in staat sou wees om sekere, gewoonlik ongereg. b.v.dwe. van hulle werkwoordelike stam (of 'n heenwysing daarna, vgl. vraag 9 hieronder) af te lei. Sou hulle dit in 'n bepaalde geval oor die algemeen regkry, dan sou dit 'n aanduiding wees van die ouderdom waarop die spesifieke vorm reeds aangeleer is. Sou hulle dit in 'n ander geval nie regkry nie, dan sou dit

bv. kon beteken dat die ongeregulariseerde vorm ongewoon is of dat die verband tussen hierdie vorm en die stam nie meer so sterk is nie.

Die vrae - vgl. bylae A - is in 1978 deur 'n onderwyseres aan die leerlinge van 'n Johannesburgse hoërskool ter beantwoording voorgelê; die antwoorde kon later gekonsolideer word in 'n st. 6-groep van 49 en 'n st. 9 en 10-groep van 68. Die kontekste is pre- sowel as postnominaal. Die afleiding van vierwielaangedrewe, verbode en voorgeskrewe kan as voor-die-handliggend beskou word, egter nie van bedroë (daarvan afkom) uit bedrieg, van onbegonne uit begin en ander aanduidings, en van ononderbroke uit sonder onderbreking nie. Onbegonne moes egter voor taak ingevoeg word en is dus deel van 'n (vermoedelik bekende) vaste uitdrukking.

In die berekening van die resultate, wat hieronder in grafiekvorm weergegee word, is die ongereg. vorme (en hier is heelwat speelruimte vir afwykende spelling en selfs woordvorm gelaat, solank die tipiese "sterk" kenmerke van die v.d.w. duidelik na vore gekom het) telkens uitgedruk as 'n persentasie van die aantal kinders in die groep.

Die kennis van ongereg. b.v.dwe. by hoërskoolleerlinge



Hieruit blyk eerstens - soos verwag kon word - dat daar oor die algemeen 'n hoër prestasie in st. 9 en 10 as in st. 6 is. Dit geld egter veral vir die "voor-die-handliggende" vierwielaangedrewe, verbode en voorgeskrewe. In die geval van bedroë, geholpe en ononderbroke lê die twee groepe na aan mekaar en duidelik laer as selfs die st. 6-peil m.b.t. e.g. drie. Dit dui daarop dat die verband met die stam nie meer so sterk gevoel word nie, of selfs glad nie (vgl. bv. die ongebruiklikheid van onderbroke as skakel tussen onderbreek en ononderbroke). Onbegonne - wat vandag miskien 'n minimale verband met die stam begin het (vgl. ook *begonne) - se persentasies lê redelik hoog, vermoedelik omdat taak as kontekstuele aanduiding gedien het.

In 'n ander ondersoek, wat in 1972 gedoen is in Kaapse skole, is 'n stel toetssinne aan kinders uit st. 2,5,7 en 10 voorgelê, 22,26,38 en 25 kinders onderskeidelik. Die vroe verskil van bost. in die sin dat ook die gereg. vorm dikwels aanvaarbaar is. In die volgende gevalle moes, binne die konteks van 'n sin, die vorm ingevul word: 1. (smelt) roomys; 3. (skryf) vraestelle; 4. vooroor-(buig) loop; 5. na die beeld van God (skep) is; 6. (bederf) vleis; 7. die (gekies) klaskaptein; 8. 'n (bederf) brokkie. Die resultate kan so voorgestel word:

Author Conradie C J

Name of thesis Die Diachronie van die Afrikaanse voltooië deelwoord 1979

PUBLISHER:

University of the Witwatersrand, Johannesburg

©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.